


**'n Onderzoek na die belangstellingsprofiel en verklaarde
beroepskeuses van 'n groep Afrikaanssprekende graad nege leerders uit
die histories benadeelde bruin gemeenskap van die Kaapse
Weskusstreek.**

Therese Roux

10991727

**Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad Magister
in die Lettere en Wysbegeerte (Voorligtingsielkunde) aan die Universiteit van
Stellenbosch.**



Studieleier: Dr. J.C. Meyer

Desember 2004

VERKLARING

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie werkstuk vervat, my eie oorspronklike werk is wat nog nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige ander universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê is nie.

OPSOMMING

In die lig van resente Suid-Afrikaanse literatuur wat dit duidelik maak dat die meeste adolessente uit histories benadeelde gebiede tot onlangs min en selfs geen toegang tot beroepsvoorligting-intervensies gehad het nie, is besluit om 'n ondersoek te doen na die beroepsbelangstellings van so 'n groep leerders. Daar is besluit om spesifiek op geslagsrolstereotipering en ouerlike rolmodelle te fokus, met die doel om sodoende relevante inligting in te win wat in die beplanning van beroepsvoorligting kurrikula 'n rol kan speel. Sosio-ekonomiese en kulturele veranderlikes is ook in ag geneem.

Die ondersoek is onder die bruin gemeenskappe van die Kaapse Weskusstreek uitgevoer. Graad nege leerders van 11 senior sekondêre skole is besoek en versoek om die tien belangstellingsvelde van die MB 10 belangstellingsvraelys op grond van voorkeur van 1 tot 10 te rangorden. Die seuns en meisies se belangstellingsvelde is deur middel van statistiese berekeninge met mekaar vergelyk. Die leerders is ook gevra om 'n voorlopige beroepskeuse te maak. Hierdie inligting is toe met hul ouers se beroepe vergelyk om sodoende vas te stel watter rol ouerlike rolmodelle in hul verklaarde beroepskeuses speel.

Uit die ondersoek blyk die volgende:

- Daar is wel 'n statisties beduidende verskil ($p < 0.01$) tussen die geslagte se belangstelling op al tien die MB 10 belangstellingsvelde gesamentlik.
- Daar is statisties beduidende verskille ($p < 0.01$) tussen die geslagte se belangstelling in die velde: Mense as individue/in klein groepies (In), Mense in groepe of openbare optrede (Gr), Linguïsties (L), Artisties (A), Prakties (Pr) en Diere, biologiese wetenskappe (Z).
- Ouerlike rolmodelle blyk nie 'n kragtige invloed op die deelnemers se verklaarde beroepskeuses te hê nie.
- Sosio-ekonomiese en kulturele invloede blyk wel 'n rol te speel in die deelnemers se verklaarde keuses van beroep.

Daar is gepoog om die proses van beroepsontwikkeling van adolessente aan te spreek deur aanbevelings rondom die ontwikkeling van beroepsvoorligting kurrikula te maak.

SUMMARY

In light of recent South African literature that shows that most adolescents from previously disadvantaged communities have until recently not had access to career guidance interventions, it was decided to do an investigation into the career interests of a group of learners from such a community. It was decided to specifically focus on sex role stereotyping and parental role models, with the purpose of gaining relevant information that can be used in the planning of career guidance curricula. Socio-economic and cultural variables were also considered.

The investigation was done with the coloured communities of the Cape West Coast area. Learners from grade nine of 11 senior secondary schools were visited and requested to rank the ten interest fields of the MB 10 interest questionnaire from 1 to 10 on grounds of preference. Statistical calculations were used to compare the boys' and girls' fields of interest. The learners were also requested to make a provisional career choice. This information was then compared to their parents' careers in order to ascertain what role parental role models have in their conditional career choices.

From the investigation the following become evident:

- There is a statistical relevant difference ($p < 0.01$) between the sexes' interest on all ten MB 10 fields of interests together.
- There is a statistical relevant difference ($p < 0.01$) between the sexes' interest in the following fields: People as individuals/in small groups (In), People in groups or public appearance (Gr), Linguistic (L), Artistic (A), Practical (P) and Animals, biological sciences (Z).
- Parental role models do not seem to have a powerful influence on the participants' declared career choices.
- Socio-economic and cultural influences seem to play a role in the participants' declared career choices.

An attempt was made to contribute to the process of career development of adolescents through making recommendations regarding the development of career guidance curricula.

DANKBETUIGING

Graag wil ek my opregte dank uitspreek teenoor elkeen wat 'n bydae gelewer het in die voltooiing van hierdie tesis, in besonder:

- Dr. J.C. Meyer, my studieleier, vir sy leiding, beskikbaarheid en ondersteuning;
- Mnr H. Steel vir sy hulp met die statistiese verwerkings;
- Die WKOD wat dit moontlik gemaak het om die studie te kon onderneem;
- Die hoofde, leerkragte en graad nege leerders van die onderskeie skole wat by die ondersoek betrek is;
- My man, Fanie, vir sy volgehoue ondersteuning en aanmoediging.

4.2 Inferensiele statistiek met die MB-10 belangstellingsvelde as afhanklike veranderlikes en geslag as onafhanklike veranderlike	24
4.3 Klassifiserende statistiek met die MB-10 belangstellingsvelde as afhanklike veranderlikes en geslag as onafhanklike veranderlike	26
4.4 Beskrywende statistiek toegepas op ouers se beroepe en deelnemers se verklaarde beroepskeuse	27
5. BESPREKING EN GEVOLGTREKKINGS	32
6. BEPERKINGS VAN DIE ONDERSOEK	45
7. AANBEVELINGS	46

VERWYSINGSLYS

BYLAE A: Verkorte formaat van die Meyer-belangstellingsvraelys (MB 10) en Biografiese vraelys

BYLAE B: Beroepsinligting aan leerders verskaf tydens motiverende praatjie

INHOUDSOPGAWE

Verklaring	ii
Opsomming	iii
Summary	iv
Dankbetuiging	v
1. INLEIDING, MOTIVERING VIR EN BREË DOELSTELLINGS VAN DIE ONDERSOEK	
1.1 Inleiding en motivering vir die ondersoek	1
1.2 Doelstellings met die ondersoek	5
2. LITERATUUROORSIG, TEORETIESE GRONDSLAE EN METODE VAN ONDERSOEK	
2.1 Literatuuroorsig	6
2.2 Teoretiese grondslae	12
2.2.1 Sosiaal-kognitiewe beroepsteorie – Lent, Brown en Hackett	13
2.2.2 Teorie van “circumscription and compromise” – Gottfredson	15
2.2.3 Teorie van persoonlikheidstipes en werksomgewings – Holland	17
3. METODE VAN ONDERSOEK	
3.1 Inleiding en agtergrond	18
3.2 Steekproeftrekking	18
3.3 Meetinstrumente	19
3.4 Prosedure	20
3.5 Statistiese ontleding	20
4. RESULTATE	
4.1 Beskrywende statsitiek met belangstellingsvelde as afhanklike veranderlikes en geslag as onafhanklike veranderlike	21

LYS VAN TABELLE

- 4.1 Tabel 1: Gemiddeldes en standaardafwykings van die 10 afhanklike veranderlikes (belangstellingsvelde van die MB 10)
- 4.1 Tabel 2: Rangorde bepaal op grond van die gemiddelde rang van die MB 10 belangstellingsvelde
- 4.2 Tabel 3: Opsomming van die meer-veranderlike variansie-analise (MANOVA) uitgevoer op die 10 afhanklike veranderlikes
- 4.2 Tabel 4: Opsomming van die enkel-veranderlike variansie-analises (ANOVAs) van die 10 afhanklike veranderlikes
- 4.2 Tabel 5: Linieêre model van die verband tussen die afhanklike veranderlikes en die onderliggende dimensie van geslag
- 4.3 Tabel 6: Voorspelde groeplidmaatskap (geslag) van seuns en meisies op grond van die MB 10 velde
- 4.4 Tabel 7: Verspreiding van die ouers se beroepe volgens Holland se beroepsvelde
- 4.4 Tabel 8: Frekwensie en rangorde van graad 9 leerders se verklaarde beroepskeuses
- 4.4 Tabel 9: Frekwensie van die meisies se verklaarde beroepskeuses en hul ouers se beroepe
- 4.4 Tabel 10: Frekwensie van die seuns se verklaarde beroepskeuses en hul ouers se beroepe
- 4.5 Tabel 11: Opsomming van die totale ondersoekgroep se verklaarde beroepskeuses en hul ouers se beroepe

1. INLEIDING, MOTIVERING VIR EN BREË DOELSTELLINGS VAN DIE ONDERSOEK

“Being satisfied with one’s career is one of the most important aspects of an individual’s personal happiness” (Sharf, 1997).

1.1 Inleiding en motivering vir die ondersoek

Volgens Statistiek Suid-Afrika se jongste Mannekrag Oorsig (2003) bestaan die Suid-Afrikaanse populasie tans uit ongeveer 46 miljoen mense van wie 36.6 miljoen swart, 4.09 miljoen bruin (individue van gemengde rasse-afkoms), 1.16 miljoen Indies/Asiaties en 4.25 miljoen wit* is. Suid-Afrika het dus ‘n gevarieerde kulturele samestelling en alhoewel ‘n nuwe demokratiese regering in 1994 verkies is en daar ‘n nuwe konstitusie in werking is vanaf 1996, sukkel die land steeds om die negatiewe gevolge van apartheid te oorkom (Stead & Watson, 1998). Volgens Statistiek Suid-Afrika (2003) is die werkloosheidsyfer tans 31.2% en is 20.4% bruin mans en 23.9% bruin vroue werkloos. Volgens Stead en Watson (1998) word die probleem vererger deur onvoldoende onderrig en beroepsleiding en Watson, Foxcroft, Horn en Stead (1997) is van mening dat werkloosheid onder andere gekompliseer word deur die feit dat baie minder-bevoorregte jongmense se beroepsaspirasies en –keuses nie by die neigings in die arbeidsmark pas nie.

Volgens die nuwe uitkoms-gebaseerde onderwys-kurrikulum, Kurrikulum 2005, sal die staat voortaan slegs verpligte onderwys tot graad nege voorsien en is dit dus moontlik dat meer adolessente vroeg reeds beroepsbesluite sal moet neem. Die meeste leerders in graad nege is gewoonlik tussen 14 en 15 jaar oud en hulle kan, volgens Piaget se teorie van kognitiewe ontwikkeling, reeds logies en abstrak dink (Wium, 2001). Sharf (1997) wys daarop dat abstrakte denke beroepsbeplanning tot ‘n groot mate fassiliteer, en Armstrong en Crombie (2000) is van mening dat begrip van verskillende beroepe meer realisties en kompleks word tydens adolessensie.

* Die gebruik van apartheidsterminologie soos “wit”, “bruin” en “swart” in die huidige ondersoek reflekteer nie ‘n goedkeuring of bevestiging van sodanige terminologie nie, maar is eerder ‘n erkenning van die langdurige en diepgaande uitwerking van apartheid op mense (Meyer, 2003). Die meerderheid Suid-Afrikaanse navorsers gebruik egter die term “swart” om na al die mense wat nie histories as wit geklassifiseer is nie, te verwys.

Bürkhardt (2002) verwys na Richter wat van mening is dat enige navorsing wat 'n bydrae kan lewer tot die gesondheids-, welsyns- of onderwysbeleide in Suid-Afrika, baie belangrik is. Mullis et al. (1998) is van mening dat 'n beter begrip van adolessente se beroepsbelangstellings en –keuse beroepsvoorligters en opvoeders van hulp kan wees met die ontwerp van programme en onderrigmetodes wat beter in die adolessente se behoeftes sal voorsien.

Volgens die beroepskeuse teorie van Ginzberg, Ginsburg, Axelrad en Herma (aangehaal in Osipow & Fitzgerald, 1996), berus beroepsbesluitneming van adolessente aanvanklik op belangstelling en word ander subjektiewe faktore soos vermoëns en waardes eers daarna in ag geneem. Smit (1986) verwys na ondersoeke deur Super en Strong wat bevind het dat belangstellingspatrone in adolessensie redelik gevestig is. Betsworth en Fouad (1997), Beytell (1984), Meyer (1980), Owen en Taljaard (1988), sowel as Swanson en Hansen (1988) kom tot soortgelyke gevolgtrekkings. Hiervolgens is dit dus moontlik om te redeneer dat leerders in graad nege reeds oor toekomstige moontlike beroepskeuses kan dink en redeneer en daarom is navorsing op graad nege vlak sinvol. Stead en Watson (1998) het ook bevind dat daar 'n behoefte aan beroepsnavorsing op skoolvlak is. Beroepskeuse is een van die belangrikste besluite wat 'n adolessent moet maak en die voorbereiding vir 'n beroep een van die belangrikste take van adolessensie (Akhurst & Mkhize, 1999; Brooks, 1982; Thom, Louw, van Ede & Ferns, 1998; Van Schoor, 1996). Super (aangehaal in Isaacson & Brown, 1997) was van mening dat werks- en lewensbevrediging afhang van die mate waarin 'n individu genoegsame uitdrukking vind vir sy/haar vermoëns, waardes, belangstellings, self-konsepte en persoonlikheidseienskappe. Volgens Brown en Srebalus (aangehaal in De Bruin, 1999), Meyer (1998) en Sharf (1997) is belangstelling die belangrikste faktor by die keuse van 'n beroep. Belangstelling verskaf volgens Roe (1956) 'n baie belangrike aanduiding van beroepe wat die individu sal geniet en waarin hy/sy heel moontlik suksesvol sal wees.

Omdat die proses van beroepskeuse baie maal wanverstaan en afgeskeep word, gebeur dit gereeld dat individue in beroepsrigtings beland waarvoor hulle eintlik nie geskik is nie en waarin hulle gefrustreerd, ongelukkig en heelwaarskynlik onproduktief is, maar waaraan hulle tog die grootste deel van hul lewens wy. Dit is dikwels ook so dat beroepsfrustrasie uitkring tot ander aspekte van individue se lewens binne gesins- en gemeenskapsverband (Andrag, 1992; Maesela, 1994; Persoonlike mededeling, Meyer, 2002; Van Schoor, 1996). Die hoë sielkundige en finansiële kostes hieraan verbonde, sowel as die feit dat beroepskeuse ook 'n belangrike uitwerking op die ekonomie van 'n land en die vooruitgang van die samelewing kan hê (Andrag, 1992), maak dit

belangrik dat 'n besluit oor 'n beroep geneem word op grond van effektiewe en sinvolle beroepsvoorligting, gebaseer op toepaslike navorsing.

Beroepsmoontlikhede in die moderne samelewing verander gedurig. Thom et al. (1998) en Williams (1994) noem dat sosiale en politieke veranderinge, tegnologiese vooruitgang, asook veranderinge in die wêreldwye ekonomie en die oorgang van 'n industriële na 'n inligtingsera, baie nuwe moontlikhede en uitdagings in die beroepswêreld bied. Suid-Afrika word tans gekenmerk deur ingrypende ekonomiese, kulturele en sosio-politiese veranderinge (Mathabe & Temane, 1993; Stead & Nqweni, 1999; Stevens & Lockhat, 1997). Stead (1996) is van mening dat hierdie veranderinge tot gevolg behoort te hê dat die loopbaanontwikkeling van Suid-Afrikane baie sal verander. Voorheen onderdrukte bruin en swart rassegroepe, sowel as vroue, kan byvoorbeeld nou beroepe betree wat voorheen vir hulle ontoeganklik was, en dit beteken noodwendig dat hulle hiervoor voorberei moet word (Hickson & White, 1988).

Studies toon dat daar 'n kritiese tekort aan geskoolde en semi-geskoolde mannekrag in Suid-Afrika is, veral in wetenskaplike en tegniese beroepe (De Bruin, 1999; Maesela, 1994; Ofir, 1994; Pretorius & Le Roux, 1998; Timmey, 2001). Verskeie skrywers verwys na die fenomeen dat die meerderheid vroue, en veral swart vroue in Suid-Afrika, tot beroepe soos onderwys, verpleging, maatskaplike werk en algemene kantoorwerk beperk is en wetenskaplike en tegniese beroepe vermy (Andrag, 1992; Maesela, 1994; Budlender, 1994). Andrag (1992) en Maesela (1994) is van mening dat, in 'n tydperk van toenemende arbeidsaanvraag in tegnologiese en wetenskaplike velde, die kanalisering van vroue en histories-benadeelde rassegroepe in tradisionele rigtings nadelig vir die land is. Timmey (2001) maak melding van die Witskrif oor Wetenskap en Tegnologie (1996) waarin die regering versoek dat navorsing spesifiek op hierdie gebied gedoen word om sodoende die situasie beter toe te lig.

Timmey (2001) verwys na die nasionale regering se agt landswye "Spatial Development Initiatives" wat daarop gemik is om bestaande ekonomiese ontwikkelingsprojekte te bespoedig. Die Kaapse Weskus is uitgewys as een van die agt histories benadeelde en minderbevoorregte streke wat dringend ekonomiese ontwikkeling benodig. Isaacson en Brown (1997) en Pretorius en Le Roux (1998) beskryf minderbevoorregtes as daardie individue wat in gemeenskappe leef met lae ekonomiese en sosiale status, lae vlakke van onderrig, hoë werkloosheidsyfers of werksaamheid in "ondergeskikte" beroepe, en beperkte potensiaal om sosiaal vorentoe te beweeg. Derglike

omstandighede kan kinders se suksesvolle beroepsontwikkeling om verskeie redes negatief beïnvloed.

Stead en Watson (1999) maak melding van die feit dat daar 'n toenemende sensitiwiteit is vir die konteks waarbinne individuele beroepsontwikkeling plaasvind. Die Suid-Afrikaanse konteks het sy eie unieke karakter, byvoorbeeld die hoër werkloosheidsyfer en erger armoede as in Europa en Noord-Amerika. Mullis et al. (1998) noem dat Holland reeds daarna verwys het dat families, en veral hul werkpatrone en sosiale status, 'n belangrike impak op kinders se beroepsbelangstellings het en dat geslag en ouers se sosio-ekonomiese status in ag geneem moet word wanneer beroepsbelangstellings ondersoek word. Dié skrywers haal navorsing deur Bracher, Gottfredson, Krumboltz en Mortimer aan wat Holland se mening staaf. Van Schalkwyk (1975) het bevind dat die ontwikkeling van beroepsbelangstellings beïnvloed word deur faktore soos ouderdom, familie, geslag, kultuur en sosio-ekonomiese stand. Hierdie faktore is dan ook van toepassing op die bruin gemeenskappe van die Kaapse Weskus en die invloed daarvan op die beroepsgedrag van adolessente binne hierdie kulturele groep sal in die huidige ondersoek aandag geniet.

Mullis, Mullis en Gerwels (1998) verwys na Diamond wat van mening is dat tradisionele geslagsrolle toenemend as arbitrêr gesien word, maar dat Hansen tot die gevolgtrekking gekom het dat, ten spyte van verhoogde bewuswording, geslagsrolverskille steeds 'n rol speel in beroepsbelangstelling. Maesela (1994) en Gerdes, Louw, van Ede en Louw (1998) beklemtoon ook dat tradisionele geslagsrolstereotipering 'n rol in beroepsontwikkeling speel. Astin (1985) wys daarop dat 'n individu se beroepsverwagtinge deur geslagsrolsosialisering beïnvloed word en Bimrose (2001) is van mening dat daar nog min sprake van geslagsgelykheid in beroepsteorieë en – voorligtingspraktyke is. Dit is dus belangrik om in enige ondersoek na beroepsbelangstelling geslagsverskille deeglik in aanmerking te neem.

De Bruin en Nel (1996) en Mau en Bikos (2000) maak melding van verskeie navorsers wat daarop wys dat die meeste studies rakende beroepsontwikkeling gebaseer is op die individualistiese beroepsontwikkeling van Westerse middelklas mans. Suid-Afrikaanse navorsers het tot dusver aangeneem dat dié westerse benaderings van toepassing gemaak kon word op alle Suid-Afrikaanse populasiegroepe, sowel as vroue (Stead & Watson, 1998; Watson & Stead, 2002). Al hoe meer navorsers is dit egter eens dat dit nie altyd wenslik is om navorsingsbevindinge oor kulture met mekaar te vergelyk nie en dat aannames nie noodwendig deurgetrek kan word na individue met

geen toegang tot voldoende opvoedkundige, sosiale en ekonomiese bronne nie (De Bruin, 1999; Mau & Bikos, 2000; Naicker, 1994; Stead & Watson, 1998; Watson & Stead, 1999a; 2002). Skrywers soos Nicholas, Pretorius en Naidoo (1999), De Bruin (1999) en Watson en Stead (1999a) wys daarop dat daar min gepubliseerde Suid-Afrikaanse navorsing is en dat daar verder 'n ooglopende vooroordeel ten gunste van wit ondersoekgroepe is. Suid-Afrikaanse skrywers soos De Bruin (1999), Mathabe en Temane (1993), Mkhize en Frizelle (2000), asook Naicker (1994) beklemtoon die belangrikheid van die rol wat die Suid-Afrikaanse sosiale konteks speel in enige poging om beroepsgedrag te verstaan. Hierdie en ander skrywers beklemtoon ook die behoefte vir verdere navorsing in die veld van beroepsontwikkeling en beroepskeuse in Suid-Afrika (De Bruin & Nel, 1996; Naicker, 1994; Watson & Stead, 1999a).

1.2. Doelstellings met die ondersoek

Die huidige ondersoek het ten doel om deur navorsing oor die belangstellingspatrone en beroepsideale van histories benadeelde bruin hoërskool leerders by te dra tot kennis wat op die gebied van beroepsvoorligting in Suid-Afrika gebruik kan word. Die volgende verteenwoordig die spesifieke doelstellings van die huidige ondersoek:

Om die beroepsbelangstellings van 'n groep Afrikaanssprekende graad nege seuns en meisies van die histories benadeelde bruin gemeenskappe van die Kaapse Weskus te ondersoek. Daar sal gepoog word om 'n vergelyking tussen die seuns en die meisies se beroepsbelangstellings te tref en te bepaal of daar verskille bestaan, asook watter rol geslagsrolstereoptipering hierin speel.

Verder sal die moontlike invloed van ouerlike rolmodelle en sosio-ekonomiese omstandighede met behulp van die leerders se verklaarde beroepskeuses en gegewens oor hul ouers se beroepe toegelig word.

Die resultate van die huidige ondersoek kan moontlik bydra tot die verstaan van die komplekse proses van beroepsbesluitneming. Daar word verder gehoop dat die huidige studie 'n bydra tot die betrokke gemeenskap se sosio-ekonomiese ontwikkeling en lewenskwaliteit kan maak deurdat die bevindinge van die ondersoek kan bydra tot aanbevelings rondom die ontwikkeling en implimentering van sinvolle beroepsvoorligtingsprogramme wat, onder andere, beroeps-

belangstellings en die invloed van geslagsrolstereotipes en ouerlike- en gemeenskapsrolmodelle aanspreek. Dit kan moontlik 'n bydra maak tot die verbetering van die kwaliteit van beroepsvoorligting in skole deur beleidmaking en kurrikulumbepanning hierrondom in te lig.

2. LITERATUUROORSIG, TEORETIESE GRONDSLAE EN METODE VAN ONDERSOEK

2.1 Literatuuroorsig

Beroep

Zeier (1992) beskryf beroep as 'n aantal samehangende aktiwiteite ten einde 'n sekere doel te bereik en 'n beloning te ontvang in die proses. Volgens Stead en Watson (1999) het die betekenis gekoppel aan beroep in onlangse jare verander, aangesien die werksomgewing omvangryke veranderinge ondergaan het as gevolg van politieke en ekonomiese faktore. Die alomteenwoordigheid van werkloosheid lei ook daartoe dat baie individue nie so seker is dat 'n beroep 'n sentrale aspek van hul lewens sal vorm nie.

Belangstelling en beroep

Jacobs, van Jaarsveld en von Mollendorf (1991) beskou belangstelling as 'n natuurlike voorkeur vir 'n spesifieke aktiwiteit of aktiwiteite. Volgens Meyer (1993) is belangstelling 'n geneigdheid om relatief konstant voorkeur te gee aan sekere soorte aktiwiteite. Volgens Isaacson en Brown (1997) verwys belangstelling na aktiwiteite wat die individu se voorkeur of afkeur geniet. Belangstelling is 'n gerigtheid van die individu in sy totaliteit en, indien dit verontagsaam word wanneer daar 'n beroepskeuse gemaak word, kan dit verreikende negatiewe gevolge vir die individu se algemene welsyn inhou. Dit kan 'n bewuste of onbewuste rol as motiverende krag in 'n besluitnemingsproses speel (Meyer, 1998).

Geslagsrol en beroep

Andrag (1992) beskryf geslagsrolle as 'n beskrywing van 'n individu se funksie as man of vrou binne 'n gegewe konteks. Volgens Botha, Van Ede, Louw, Louw en Ferns (1998) het navorsers nie ooreenstemmigheid oor watter faktore die hoofrol speel in geslagsrolontwikkeling nie, maar wel dat biologiese en bio-sosiale faktore, sosiale invloede en kognitiewe invloede 'n rol speel. Volgens Osipow en Fitzgerald (1996) het geslagsrolstereotipering 'n kragtige invloed op

beroepsgedrag. Die inhoud van geslagsrolle word deur die sosiale en kulturele omgewing bepaal en deur die proses van sosialisering aan die kind oorgedra (Andrag, 1992; Astin, 1985; Kulik, 2002; Papalia & Olds, 1995). Volgens sosiale leerteorie leer kinders geslagsrolle eerstens deur differensiële versterking en tweedens deur waarneming en modellering van gedrag aan (Bandura, aangehaal in Botha et al., 1998). Namate seuns en dogters ouer word, word hulle as verskillend gesien en verskillend hanteer. Hierdie optrede behels veral geslagsgetipeerde spel en aktiwiteite en deur hierdie aktiwiteite leer kinders goed gedefinieerde idees ten opsigte van manlikheid en vroulikheid aan. Deur blootstelling aan ouerlike rolmodelle en rolmodelle in die wêreld leer kinders deur middel van waarneming en modellering geslagsrolle aan (Botha et al., 1998; Langley, 1999).

Volgens Baron en Byrne (1997) en Botha et al. (1998) hou geslagsrolstereotipes verband met hoofsaaklik onakkurate oortuigings dat sekere eienskappe en aktiwiteite deur mans en vroue onderskeidelik vertoon word en dat dit die twee geslagte van mekaar onderskei. Hierdie verskille behels onder meer gedrag, aanleg, belangstelling en persoonlikheid en hang volgens Betsworth en Fouad (1997) en Astin (1985) ten nouste saam met die sosialiseringproses, kultuurinvloede en geleenthede waaraan die individu blootgestel is.

Volgens Osipow en Fitzgerald (1996) het geslagsrolstereotipering 'n kragtige invloed op beroepsgedrag en die meeste skrywers beklemtoon die invloed van geslagsrol op beroepsontwikkeling. Andrag (1992), Fitzgerald en Betz (1984) en Havenga (1988) noem dat sosialisering 'n direkte invloed op beroepsidentifikasie het. Super (aangehaal in Wium, 2001) meen dat meisies en seuns reeds met skooltoetrede eiesoortige belangstellingspatrone openbaar. Betz en Fitzgerald (1987), Botha (1996), Meyer (1980; 1993; 1998), Owen en Taljaard (1988), Stead (1988), Watson (1984) en Wium (2001) verwys ook na verskeie studies wat bevind het dat daar beduidende verskille tussen die geslagte se belangstellings is. Meisies word van jongs af gesosialiseer om hulle gedrag in ooreenstemming met tradisionele rolle soos vroulikheid en aantreklikheid te bring. Hulle word aangemoedig om die huwelik en moederskap as primêre doel in hul lewens te beskou (Andrag, 1992; Langley, 1999; Thom et al., 1998). Tradisionele norme hou weer aan seuns die verwagting van prestasie en loopbaansukses voor. 'n Ondersoek deur Hurwitz en White (1977) het bevind dat meisies vroue in laer-betaalde en laer status beroepe sien as mans.

Farenga en Joyce (1999), Jacobwitz (1983) en Timmey (2000) se studies met adolessente het getoon dat geslag die veranderlike was wat die sterkste voorspeller van beroepsvoorkeure was. Armstrong en Crombie (2000) rapporteer in hul studie beduidende geslagsverskille in die geslagsrol-tradisionaliteit van adolessente se beroepsaspirasies en –verwagtinge. Sharf (1997) verwys na die volgende Amerikaanse studies wat bewys het dat die stereotipering van beroepe volgens geslag 'n belangrike invloed op adolessente se beroepskeuses het: Aneshensel en Rosen (1978) het gevind dat meisies geslagsrolle op stereotipe wyses sien en glo dat mans en vroue verskillende beroepsrolle behoort te beoefen. McKenna en Ferrero (1991) het in hul studie met graad nege leerders gevind dat slegs 52% van die seuns gedink het dat dit aanvaarbaar was om nie-geslagstradisionele beroepe na te streef en Heilman (1979) het gevind dat seuns beroepe verkies waar daar 'n dominante manlike geslagsratio is.

Kulik (2000) het in sy studie bevind dat manlike adolessente meer stereotipe persepsies van geslagsrolle as vroulike adolessente het. Gottfredson (aangehaal in Sharf, 1997) en Maesela (1994) verwys na studies wat aantoon dat seuns 'n nouer veld van tradisioneel-gestereotipeerde beroepe toon as meisies. 'n Studie deur Shamai (1996), het aangetoon dat daar geslagsverskille bestaan tussen adolessente seuns en meisies se siening van die belangrikheid van sekere beroepe en dat geslagsrolstereotipes 'n rol hierin speel.

Volgens Hackett en Betz (aangehaal in Osipow & Fitzgerald, 1996) is vroue se lae bekwaamheidsverwagtinge in beroepe wat tradisioneel manlik gedomineerd is 'n groot bron van geslagsverskille in beroepskeuse. 'n Studie gedoen deur Gasser, Oliver en Tan (1998) het gevind dat vroue hul vermoëns onderskat in werke wat tradisioneel mans-georiënteerd is en glo dat hulle nie so goed daarin sal vaar soos mans nie. Fottler en Bain (aangehaal in Sharf, 1997) het gevind dat meisies minder bestuursposisies nastreef as seuns en meer klerklike en diensposisies nastreef. Davey en Stoppard (1993) rapporteer dat byna een derde van vroulike graad 12 leerders verwag het om meer tradisioneel-vroulike beroepe te hê as die beroepe wat hul eintlik eerder sou wou beklee.

Dit blyk uit die literatuur dat vroue meer besorgd is as mans oor die balansering van beroep en familie- of ouerskapsrolle. Lightbody en Durndell (1996) en Smith (1992) is ook van mening dat vroue se beroepsaspirasies beïnvloed word deur die feit dat hulle bewus is van die potensiele wrywing tussen familierolle en werksrolle. Stead (1988) en Astin (1985) verwys na studies wat

aantoon dat seuns meer by kompeterende en risiko-gedrag betrokke is en dat dit vertolk kan word as 'n strewe na en verwerwing van mag, status en inkomste. Seuns hou hulself baie maal besig met die konstruksie van dinge, probleemoplossing en die herstel van objekte. Meisies neig weer om hul met huishoudelike take besig te hou en aktiwiteite te doen wat met versorging verband hou. Stead (1988) het gevind dat meisies voorkeur gee aan beroepe wat met mense eerder as met dinge te doen het, terwyl Havenga (1988) in 'n ondersoek gevind het dat Afrikaanssprekende graad 12 meisies beroepe wat dienslewering en welsyn behels, belangrik ag en dat hul meer in klerklike en geesteswetenskaplike rigtings opgelei word. Jones (aangehaal in Beytell, 1984) het beduidende geslagsverskille by kinders tussen die ouderdomme van 10 en 15 jaar gevind, met die seuns se belangstellings wat meer om status wentel en die meisies wat meer in mense en die lewe belangstel.

Volgens Isaacson en Brown (1997) is geslag, ten spyte van veranderende houdings, steeds tot 'n groot mate bepalend in die toeganklikheid van sekere werksareas. Lupaschuk en Yewchuk (1998) glo dat geslagsrolstereotipering steeds beroepsaspirasies domineer. Gottfredson (aangehaal in Brown & Brooks, 1996) en Fitzgerald en Betz (1983) verduidelik dat sosialisering tydens die kinderjare lei tot die latere identifisering van beroepe soos onderwys, verpleging en sosiale beroepe as tradisioneel vroulik, en besigheid, ingenieurswese, mediese beroepe, regsberoepe en wetenskaplike beroepe as manlik. Gerdes et al. (1998), Maesela (1994), asook Osipow en Fitzgerald (1996), verwys daarna dat vroue steeds ondervteenwoordig is in tradisioneel-manlike beroepe soos bestuur, wetenskaplike en tegnologiese beroepe.

In belangstellingsvraelyste is bevind dat vroue in die algemeen meer belangstel in artistiese, klerklike en sosiale beroepe as mans en dat hul minder in wetenskaplike en tegniese beroepe belangstel (Betz & Fitzgerald, aangehaal in Sharf, 1997). Meyer (1980; 1993) het in sy standaardiseringsondersoeke na die Kodus- en die MB 10 belangstellingsvraelyste gevind dat meisies deurgaans lae tellings ten opsigte van syfers en veral praktiese werk met masjiene behaal. Seuns behaal deurgaans lae tellings ten opsigte van die linguïstiese- en artistiese velde. Eccles (1994) het bevind dat meisies meer waarde heg aan linguïsties-verwante take en vaardighede, en seuns aan wiskundige take en vaardighede. Lightbody en Durmdell (1996) het in hul ondersoek na die beroepsaspirasies van 'n groep hoërskoolleerders gevind dat daar wel 'n neiging was dat die seuns in die tegniese rigtings sou gaan en meisies in die sosiale rigtings, maar dat dit 'n kleiner verskil was as wat volgens die stereotipiese verwag kon word. Beytell (1984) verwys na 'n studie

deur Lunneborg en Garry wat bevind het dat damestudente beduidend meer belangstel in artistieke beroepsvelde en mansstudente weer beduidend meer in realistiese en ondernemende beroepsvelde belangstel. Steenkamp (1992) bevestig ook die siening dat meisies meer belangstel in sosiaal-georiënteerde beroepsvelde en seuns meer in die tegnologiese en natuurwetenskaplike rigtings. Beytell (1984) en Owen en Taljaard (1988) meld verskeie ondersoeke waarin seuns meer in meganiese en wetenskaplike rigtings belangstel terwyl meisies meer in tale, kuns en musiek belangstel.

Volgens Gottfredson (1981) se studies is tradisioneel-vroulike beroepe in Holland se Konvensionele omgewingstipe gekonsentreer, terwyl manlik-tradisionele beroepe in die Realistiese-, Ondernemende- en Ondersoekende-omgewingstipes gekonsentreer is*. Artistiese en Sosiale tipes is tussen die geslagte gebalanseer. Mullis et al. (1998) het in hul studie met 271 Amerikaanse leerders tussen 14 en 15 jaar oud gevind dat daar beduidende geslagsverskille was vir Holland se Realistiese, Sosiale en Konvensionele werksomgewings. Seuns het hoër gemiddelde tellings behaal op die Realistiese tipe en meisies hoër op die Sosiale en Konvensionele tipes. Sharf (1997) haal Holland aan wat bewys het dat mans meer geneig is om hoër tellings in die Realistiese, Ondersoekende of Ondernemende tipes te behaal, terwyl vroue hoër tellings in die Sosiale, Artistiese en Konvensionele tipes behaal. Volgens Trusty et al. (2000) is die feit dat geslag so 'n sterk voorspeller van Holland-tipe was in ooreenstemming met baie beroepsliteratuur soos dié van Eccles, Gottfredson en Helwig.

Ouerlike rolmodelle en beroep

Kulik (2002) noem dat een van die belangrikste take en verantwoordelikhede wat ouerskap meebring, die voortdra van 'n stelsel van oortuigings en waardes omtrent die self en die gemeenskap is deur middel van ouerlike rolmodelle. Ouers speel 'n groot rol in die vorming van geslagsrolhoudings, aangesien hulle as 'n sosialiseringsbron dien wat waardes, ideologieë en norme van een generasie na die volgende oordra. Ouerlike houdings teenoor sekere beroepe mag die kind se houdings beïnvloed, byvoorbeeld in terme van beroepe wat gesien word as “mans se werk” of “vroue se werk”, of indien ouers beroepe in beperkte wyses sien en slegs die negatiewe aspekte van hul beroepe by die huis uitlig en bespreek. Studies wys dat ouers 'n groter invloed het op hul kinders se beroepsontwikkeling as enige ander volwassenes (Andrag, 1992; Isaacson & Brown,

* Sien Afdeling 2.2.3 vir 'n bespreking van Holland se werksomgewings.

1997). Volgens John Holland (aangehaal in Nel, 1999) is die persoonlikheid die produk van die uitruiling tussen oorerflike potensiaal en omgewingsfaktore. Die omgewing, bestaande uit onder andere ouers, versterk sekere aktiwiteite, belangstellings, self-konsepte en vaardighede in 'n individu. Verskeie studies aangehaal deur Felsman en Blustein (1999) verwys na die belangrikheid van die adolessent-ouer verhouding op die beroepsontwikkeling van die adolessent aangesien ouers aan kinders die basis bied vanwaar hulle kan eksploreer en eksperimenteer met beroepsgeoriënteerde gedrag.

Sharf (1997) haal studies van Almquist, sowel as Little en Roach aan wat daarop dui dat vroue wat nie-tradisionele beroepe gekies het moontlik deur vroulike rolmodelle beïnvloed is. Andrag (1992) verwys na bevindinge rakende die invloed van werkende moeders, naamlik dat dogters van werkende moeders in die algemeen meer loopbaangeoriënteerd is en meer liberale sieninge ten opsigte van geslagsrolle het as dogters wie se moeders nie aktief 'n beroep beoefen het nie. Dogters van werkende moeders is geneig om stereotipe beroepsbeskouinge te verwerp en meer dikwels na nie-tradisionele beroepe te aspireer (Astin, 1985; Fitzgerald & Betz, 1983; Montemeyor & Clayton, aangehaal in Andrag, 1992). Andrag (1992) verwys na verskeie studies wat daarop dui dat dogters van werkende moeders 'n groter mate van self-agting en sterker vertrouwe in die bekwaamhede van die vrou aan die dag lê. 'n Werkende moeder het dus 'n liberaliserende invloed op haar dogter se geslagsrolhoudings en loopbaanbeskouings. Volgens Fitzgerald en Betz (1983) en Andrag (1992) het ondersoek na die invloed van die opvoedkundige vlak van die vader op die loopbaanoriëntasie van die dogter gewys dat hoe hoër die opleiding van die vader, hoe meer loopbaangeoriënteerd die dogter. Vaders se houdings teenoor die geslagsrolstereotipes blyk ook 'n rol te speel in hul kinders se geslagsrolsosialisering. Studies gedoen deur Blau en Duncan (aangehaal in Isaacson en Brown, 1997) toon dat die vader se beroep 'n groot invloed het op die seun se opvoeding en gevolglik sy beroep.

Sosio-ekonomiese omstandighede en beroep

Langley (1999) verduidelik dat Super se beroepsteorie vervat dat die ouerlike sosio-ekonomiese status ook bepalend vir beroepsontwikkeling is aangesien die individu se vroeë aanraking met die werksêreld grotendeels te weeg gebring word deur die ouers, familie en vriende. Die beskikbaarheid van opvoedkundige en ander geleenthede, soos bepaal deur die familie se sosio-ekonomiese omstandighede, beïnvloed die kind se latere beroepslewe tot 'n groot mate. Volgens Isaacson en Brown (1997) is kinders van minderbevoorregte families se beperkte toegang tot meer

en langer opvoedkundige geleentheid, die moontlikheid van reis en verrykende ervaringe en kontak met 'n wye reeks van beroepsrolmodelle binne die familie en vriendekring baie beperkend in hul beroepsontwikkeling. Volgens Gottfredson (1981) kies individue oor die algemeen beroepe in lyn met hul sosiale stand. Die oordrag van geslagsrolstereotipes word deur die sosio-ekonomiese vlak van die gesin beïnvloed en hoër gesinsinkomste en ouerlike opvoedkundige vlak hou verband met hoër beroepsaspirasies by adolessente meisies. Maesela (1994) verwys na navorsing wat bevind het dat familie agtergrond, insluitende ouers se sosio-ekonomiese status en opvoedkundige vlak, kinders se beroepsontwikkeling beïnvloed. Astin (1985) se navorsing het ook bevind dat sosiale klas en familie agtergrond 'n belangrike rol by vroulike opvoedkundige en beroepsaspirasies speel.

Op grond van bogenoemde literatuurstudie blyk dit asof daar wel beduidende verskille tussen die beroepsbelangstellingsprofiële van die geslagte is en dat identifikasie met die geslagsrol, die invloed van ouerlike rolmodelle, die sosialiseringsproses, sowel as sosio-ekonomiese faktore beroepsbelangstelling tot 'n groot mate beïnvloed. Dit wil voorkom asof geslagsverskille in teenstelling met die ander biografiese veranderlikes die grootste rol in beroepsbelangstelling speel.

2.2 Teoretiese grondslae

Beroepsteorieë verskaf rigtingwysers by die ondersoek na beroepskeuse en –ontwikkeling. Dit bied parameters waarbinne beroepsgedrag verstaan, ondersoek en voorspel kan word en waarvolgens hipoteses ontwikkel kan word rakende die betekenis van derglike gedrag en keuses (Brown & Brooks, 1996; Isaacson & Brown, 1997; Watson & Stead, 1999a).

Gordon (1999) haal Jepsen aan wat noem dat die meerderheid van beroepsgedrag teoretici en navorsers 'n variasie van beroepsontwikkelingsuitgangspunte onderskryf. Mkhize en Frizelle (2000) voer aan dat die individu se sosiale konteks sentraal in beroepsnavorsing moet staan en nie soseer die westerse idee van individualisme nie. Watson en Stead (1999a) beklemtoon ook dat die kulturele, sosiale en historiese konteks in ag geneem moet word en Suid-Afrikaanse skrywers soos Mathabe en Temane (1993), Naicker (1994) en Stead (1996) beklemtoon die belangrikheid van die rol wat die Suid-Afrikaanse sosiale konteks speel in enige poging om beroepsgedrag te verstaan. Daar is geen beroepsteorieë wat spesifiek ontwikkel is om die beroepsgedrag van Suid-Afrika se diverse populasiegroepe te verduidelik nie (Albert & Luzzo, 1999; Timmey, 2001). In 'n poging om die invloed van die sosio-politiese en sosio-ekonomiese veranderinge in Suid-Afrika, sowel as

die invloed van geslagsrolstereotipering op die beroepsontwikkeling van bruin adolessente beter toe te lig, word die sosiaal-kognitiewe teorie van Lent, Brown en Hackett, asook Gottfredson se teorie van “circumscription and compromise” as teoretiese raamwerke vir die huidige ondersoek gebruik. Holland se beroepsteorie se konstruk van beroepsomgewingstipes word in die huidige ondersoek gebruik om die deelnemers se verklaarde beroepskeuses en hul ouers se beroepe te klassifiseer.

2.2.1 Sosiaal-kognitiewe beroepsteorie - Lent, Brown en Hackett

Hierdie teorie is gebaseer op die sosiaal-kognitiewe teorie van Albert Bandura en voorsien ‘n raamwerk vir die interpretasie van die invloed van geslag, etniese verskille en sosio-ekonomiese status op beroepsontwikkeling (Albert & Luzzo, 1999; Isaacson & Brown, 1997; Lent, Brown & Hackett, 2002; Schmitt-Rodermund & Vondracek, 1999; Sharf, 1997; Watson & Stead, 1999a). Dit beklemtoon die rol van dergelike kontekstuele faktore in die bepaling van beroepsbelangstelling, beroepskeuse, beroepsdoelwitte en beroepsverwante gedrag (Perrone, Sedlacek, & Alexander, 2001). De Bruin (1999) wys daarop dat hierdie model spesifiek baie bruikbaar binne die Suid-Afrikaanse konteks mag wees, aangesien dit die sosio-kulturele konteks waarbinne die beroepsgedrag van Suid-Afrikaanse jeug plaasvind, in ag neem.

Beroeps-geörienteerde gedrag word beïnvloed deur vier konsepte (Albert & Luzzo, 1999; De Bruin, 1999; Ferry, Fouad & Smith, 2000; Isaacson & Brown, 1997; Lent et al., 2002; Mau & Bikos, 2000; Schmitt-Rodermund & Vondracek (1999); Sharf, 1997; Wium, 2001):

1. *Triadiese wederkerigheid*: Daar is ‘n triadiese wederkerigheid tussen persoonlike eienskappe (soos gevoelens, houdings, geslag en aanleg), die eksterne omgewing en owerste gedrag. Dus, soos die omgewing die individu se gedrag en persoonlike eienskappe beïnvloed, so beïnvloed die gedrag en persoonlike eienskappe die omgewing.
2. *Bekwaamheidsverwagtinge*: Hierdie verwagtinge behels dinamiese, voortdurend veranderende sieninge wat die individu het oor sy/haar vermoë om sekere take te kan verrig. Diegene wat glo dat hulle ‘n gegewe taak suksesvol sal kan verrig, sal meer geneig wees om die taak aan te pak as dié wat nie glo dat hulle oor die nodige vermoëns beskik nie. Hierdie oortuigings kan individue se besluit om tot ‘n beroep toe te tree of nie, beïnvloed.
3. *Verwagte uitkomst*: Hierdie begrip verwys na wat individue glo die uitkomst van spesifieke gedrag sal wees. Individue sal moontlik eerder gedrag uitprobeer wat hulle verwag na

gewenste uitkomst (soos belonings, trots en verlaagde angstigheid) sal lei, as wat hul gedrag wat na verwagte mislukking sal lei, sal probeer.

4. *Doelwitte*: Lent, Brown en Hackett (aangehaal in De Bruin, 1999) definieer (aangehaal in De Bruin, 1999) hierdie begrip as “the determination to engage in a particular activity or to effect a particular future outcome” (p. 93). Doelwitte help individue dus om hul gedrag te organiseer en in te lig.

Lent et al. (aangehaal in De Bruin, 1999) beklemtoon dat belangstellings dwarsdeur die lewensspan kan verander op grond van die leerervaringe waaraan individue blootgestel word. Bekwaamheids- en uitkomsteverwagtinge speel direk in op mekaar om sodoende die ontwikkeling van belangstelling te beïnvloed. Individue raak geïnteresseerd in dinge wat hul glo hul goed kan doen en wat waardevolle uitkomste sal lewer. Omdat hulle positiewe resultate en uitkomste rakende derglike aktiwiteite het, sal individue waarskynlik doelstellings vorm om derglike aktiwiteite voort te sit (Isaacson & Brown, 1997; Sharf, 1997; De Bruin, 1999).

Geslag, ras, fisiese gesondheid, gestremdhede en omgewingsveranderlikes soos sosio-ekonomiese status, sowel as toevallige gebeure, beïnvloed die ontwikkeling van bekwaamheids- sowel as uitkomsteverwagtinge en dus uiteindelik ook belangstellings, doelwitte en die uiteindelijke beroepskeuse (De Bruin, 1999; Sharf, 1997). Sommige individue word nie die geleentheid gegun om onder optimale omstandighede beroepskeuses te maak nie. Ekonomiese behoeftes, opvoedkundige beperkinge, swak huislike omstandighede, geslag- en rasediskriminasie kan alles ‘n invloed hierop hê (Albert & Luzzo, 1999; De Bruin, 1999).

Individue leer deur waarneming van die demografiese eienskappe van beroepe en die hindernisse wat deur ander in daardie beroepe ervaar word. Hierdie voorspelde beroepshindernisse beïnvloed die proses van die omskakeling van beroepsbelangstellings na beroepsdoelwitte en beroepsgerigte gedrag. “Even persons with well-developed and differentiated interests in a particular career path will be unlikely to pursue that path if they perceive (accurately or inaccurately) substantial barriers to entering or advancing in that career” (Brown & Lent, aangehaal in Luzzo & McWhirter, 2001, p 62). Lent et al. (aangehaal in Luzzo & McWhirter, 2001) is van mening dat voorspelde hindernisse veral by die beroepsontwikkeling van vroue en etniese minderheidsgroepe ‘n belangrike rol kan speel. Vroue mag dalk in een omgewing vir ‘n sekere gedrag beloon word, maar mans nie. Dit mag daartoe aanleiding gee dat meisies ‘n positiewe bekwaamheidsverwagting en positiewe

verwagte uitkomst vir vroulik-gestereotipeerde aktiwiteite mag ontwikkel en seuns vir manlik-getipeerde aktiwiteite. Dit kan tot gevolg hê dat meisies meer geneig sal wees om doelwitte rakende vroulik-getipeerde aktiwiteite na te streef, en seuns meer geneig sal wees om doelwitte rakende manlik-getipeerde aktiwiteite te hê (Betz & Hackett, 1981).

Sosiaal-kognitiewe leerteorie neem 'n positiewe siening in rakende die individu se vermoë om sy omgewing te beïnvloed, terwyl dit terselfdertyd ook die belangrike invloed van die omgewing in gedagte hou.

2.2.2 Teorie van “circumscription and compromise” - Gottfredson

Hierdie ontwikkelingsteorie fokus op hoe beroepsverwagtinge ontwikkel en veral ook op die hindernisse wat die individu se beroepsverwagtinge en –geleenthede inhibeer. Dit word as 'n teoretiese grondslag vir die huidige ondersoek beskou op grond van die fokus op die potensiële invloed wat sosio-ekonomiese status, ras en geslag op beroepsontwikkeling kan hê. Gottfredson (2002), Isaacson en Brown (1997), Sharf (1997), Wium (2001) en Watson en Stead (1999b) verduidelik dat die teorie gebaseer is op die volgende basiese beginsels:

1. Die beroepsontwikkelingsproses begin tydens die kinderjare en die teorie ondersoek hoe kognisies rakende die self en beroepe van jongs af reeds ontwikkel.
2. Beroepsontwikkeling word gesien as 'n poging om die individu se self-konsep te implimenteer. Volgens Gottfredson bestaan hierdie self-konsep uit 'n sosiale self en 'n sielkundige self. Die sosiale self bestaan uit die individu se persepsies rakende intelligensie, sosio-ekonomiese status, ras en geslag. Die sielkundige self bestaan uit veranderlikes soos waardes, belangstellings en persoonlikheidstrekke.
3. Die sosiale self beïnvloed beroepsverwagtinge en -ontwikkeling vanaf 'n vroeë lewensstadium gebaseer op kognitiewe skemas rakende byvoorbeeld die manlikheid/vroulikheid van die beroep, die prestige van die beroep en die verskeie belangstellingsvelde wat dit dek. Die individu se persepsies van moontlike beroepsoorwegings word mettertyd beperk om sodoende by die eksterne realiteite aan te pas en sekere kompromieë word gemaak (Watson & Stead, 1999b).
4. Beroepsbevrediging hang af van die mate waarin die beroep kongruent met selfpersepsies is. Wat die individu uiteindelik op sal kompromieer hang af van die graad van die verskil tussen die individu se beroepsaspirasie en eksterne realiteite (Gottfredson, 2002). Volgens Gottfredson se

model sal individue oor die algemeen eers hul belangstellings opoffer en daarna die prestige waarvoor hulle gehoop het. Geslagsrol is dan die laaste komponent waarop gekompromeer sal word (Blanchard & Lichtenburg, 2002; Gottfredson, 1996; Trusty et al., 2000). Die finale beroepskeuse is baie keer 'n kompromie tussen wat die individu werklik wil doen en wat meer toeganklik is.

Gottfredson (2002), Sharf (1997), Watson en Stead (1999b) en Wium (2001) verduidelik dat die teorie vier ontwikkelingstadiums behels, wat kognitiewe- sowel as selfkonsepontwikkeling insluit. Hierdie stadium is progressief deurdat elke stadium 'n nuwe faktor behels wat weer in die selfkonsep ingesluit moet word. Die eerste stadium staan as *oriëntasie tot grootte en mag* bekend en beskryf hoe beroepsaspirasies tussen die ouderdom van drie tot vyf jaar vanaf 'n fantasievlak tot 'n meer realistiese vlak ontwikkel. Die tweede stadium staan as *oriëntasie tot geslagsrolle* bekend en kinders tussen ses en agt jaar ontwikkel geslagsrolstereotipes omtrent hul beroepsaspirasies. Gottfredson glo dat geslagsrolstereotipering sal plaasvind sodra die vorming van geslagsidentiteit plaasgevind het. Die derde stadium vind tussen die ouderdomme nege en 13 jaar plaas en staan bekend as *oriëntasie tot sosiale waardebeoordeling*. Daar is verhoogde bewuswording van sosiale en intellektuele verskille en prestige raak nou 'n belangrike faktor in beroepskeuse. Beroepsaspirasies wat met die individu se sosiale agtergrond ooreenstem kom nou na vore. Die vierde stadium is *oriëntasie tot die interne unieke self* en beskryf hoe adolessente en volwassenes meer introspektief raak en 'n groter bewustheid van die self en ander ontwikkel. Meer insig in beroepsaspirasies word getoon aangesien dit beïnvloed word deur die adolessent se siening van geslagsrolle, vermoëns, sosiale status, belangstellings en waardes (Blanchard & Lichtenburg, 2002). Die proses van kompromie op grond van omgewingshindernisse en geleenthede begin ook tydens hierdie fase.

2.2.3 Teorie van persoonlikheidstipes en werksomgewings - Holland

Die kernbeginsels van Trek-en-Faktor teorie wat die individu se spesifieke vermoëns en belangstellings gepas het met 'n area van werk wat dergelike vermoëns en belangstellings vereis het, word ook in Holland se teorie vervat (Nel, 1999). Holland het mettertyd sy teorie aangepas om plek te maak vir die invloed van kontekstuele en demografiese faktore op die individu se beroepskeuseproses (Mullis et al., 1998; Sharf, 1997; Watson & Stead, 1999b). Volgens Jacobs et al. (1991), Isaacson en Brown (1997), Nel (1999), Sharf (1997) en Wium (2001) probeer die teorie

persoonlikheid, omgewing, die interaksie tussen persoonlikheid en omgewing, asook die gedrag wat uit al die interaksies voortvloei, verklaar.

Holland verduidelik dat individue in ses persoonlikheidstipes geklassifiseer kan word (Isaacson & Brown, 1997). Thom et al. (1998) en Wium (2001) herinner daaraan dat elke individu se persoonlikheid uniek is en dat die meeste individue nie as 'n enkele persoonlikheidstipe beskryf kan word nie. 'n Kombinasie van sekere tipes sou meer korrek wees. Daar is ses omgewingstipes wat dan parallel aan die ses persoonlikheidstipes bestaan. Die teorie stipuleer dat individue omgewings soek waarbinne hul belangstellings en vaardighede kan uitleef en hul houdings en waardes kan uitdruk (Nel, 1999). Die werksomgewings is soos volg:

1. *Realistiese werksomgewing*: Hierdie omgewing word gekenmerk deur verwagtinge en geleenthede wat die eksplisiete, geordende of sistematiese manipulasie van voorwerpe, gereedskap, masjiene en diere behels. Probleme word op praktiese wyse hanteer. Voorbeelde van beroepe: ingenieur, natuurbewaarder, boer, ambagsman, tegnikus.
2. *Ondersoekende werksomgewing*: Hierdie omgewing word gekenmerk deur die nastreef van aktiwiteite wat analities, metodies en presies van aard is. Die akkurate waarneming en ondersoek na fisiese, biologiese of kulturele fenomene kom voor. Voorbeelde van beroepe: geoloog, mediese dokter, wetenskaplike, vlieënier.
3. *Artistiese werksomgewing*: Voorkeur word gegee aan skeppende en intellektuele werk. Individue in hierdie omgewing is gewoonlik ekspressief, verbeeldingryk en oorspronklik en die omgewing is vry, onsistematies en kreatief. Voorbeelde van beroepe: musikant, skrywer, mode-ontwerper, fotograaf.
4. *Sosiale werksomgewing*: Hierdie omgewing word gekenmerk deur 'n voorkeur om met mense te werk en 'n behoefte daaraan om hulle op te lei, in te lig, te ontwikkel en te versorg. Voorbeelde van beroepe: onderwyser, verpleegster, arbeidsterapeut, sosiale werker.
5. *Ondernemende werksomgewing*: 'n Voorkeur word getoon om oordedend te wees en leiding te neem ten einde sekere ondernemende doelwitte te bereik. Hierdie omgewing moedig mense aan om die wêreld in terme van mag, status en verantwoordelikheid te sien. Voorbeelde van beroepe: administrateur, verkoops persoon, kantoorbestuurder en entrepreneur.
6. *Konvensionele werksomgewing*: Hierdie omgewing word gekenmerk deur 'n voorkeur vir geordende en sistematiese manipulerings van data soos verslaghouding, liasering van materiaal en die organiseer van geskrewe en numeriese data. Voorbeelde van beroepe: rekenmeester, boekhouer, tikster, klerk.

3. METODE VAN ONDERSOEK

3.1 Inleiding en agtergrond

Tydens die eerste fase van die ondersoek is die nodige toestemming van die Wes-Kaap Onderwysdepartement verkry om graad nege leerders uit 11 sekondêre skole van die Kaapse Weskusstreek by 'n beroepsvoorligtingprojek te betrek. Die huidige ondersoek het deel gevorm van hierdie projek onderneem deur Matie Gemeenskapsdiens en die Honneursstudente in Sielkunde aan die Universiteit van Stellenbosch, onder leiding van Dr. J.C. Meyer.

3.2 Steekproeftrekking

Die ondersoekgroep is saamgestel uit graad nege seuns en meisies van 11 tradisioneel bruin sekondêre skole van die Kaapse Weskusstreek. Individuele en groepsberoepsvoorligting is in die proses aan ongeveer 2000 leerders verskaf. Vir die doel van haar ondersoek het die huidige navorser die vraelyste van 300 meisies en 300 seuns op 'n toevallige wyse geselekteer vir die data-analise. Die gemiddelde ouderdom was 15 jaar met 'n verspreidingswydte van 13 jaar tot 19 jaar. Die skole is almal in histories benadeelde gemeenskappe geleë en alhoewel die deelnemers se sosio-ekonomiese status nie spesifiek bepaal is nie, kan aangeneem word dat by verre die meerderheid in 'n lae sosio-ekonomiese groep val.

3.3 Meetinstrumente

* 'n Verkorte formaat van die Meyer-belangstellingsvraelys (MB 10) is gebruik. Die 360 items van die tien velde is weens tyds- en ekonomiese oorwegings vervang deur 'n skriftelike beskrywing van elke veld (Addendum A). Die leerders het hul beroepsbelangstelling aangedui deur die tien velde in 'n rangorde te plaas met 10 as die belangstellingsveld waarin hulle die meeste belangstel en een as die laagste belangstellingsveld. Volgens Gysbers, Heppner en Johnston, asook Irvine en Berry (aangehaal in Nel & Prinsloo, 1999), is dit belangrik dat die meetinstrument gekies behoort te word op grond van geldigheid, betroubaarheid, koste, tydskedule, die opleiding nodig vir die merk en interpretasie van die resultate, norms, en die bruikbaarheid van die resultate vir die kliënt. Verder is dit nodig om die kliënt se ouderdom, ras, geslag en ontwikkelingstadium in ag te neem

om sodoende te verseker dat die instrument toepaslik vir hom/haar is. Bogenoemde faktore is deeglik in ag geneem in die huidige ondersoek.

Die hoofdoel van die MB 10 is om die beroepsbelangstelling van leerders en studente te meet, en dit word gebruik as hulpmiddel by voorligting om 'n persoon tot skoolvakkeuse, naskoolse vakkeuse, kursusse en/of beroepskeuse te lei (Kinneer, 1996). Die MB 10 bestaan uit tien belangstellingsvelde naamlik voorkeur vir werk met individue (In), voorkeur vir werk met mense in groepe en vir openbare optrede (Gr), voorkeur vir sakebedrywighe (B), voorkeur vir syfers (Nu), linguïstiese voorkeur en voorkeur vir lees en skryf (L), artistiese voorkeur of voorkeur vir kuns en kunswaardering (A), voorkeur vir hand- en/of masjienwerk (Pr), voorkeur vir natuurwetenskappe en fisies-wetenskaplike werk (Sc), voorkeur vir diere, dierkundige en aanverwante biologies-wetenskaplike werk (Z), en voorkeur vir plantkundige en tuinboukundige werk (P). Die vraelys is gestandaardiseer vir wit, bruin en swart hoërskoolleerders, asook universiteitstudente (Wium, 2001). Meyer (1993) beskou dit as 'n meetinstrument wat maklik geïnterpreteer word. Die inligting wat deur die rangordes verskaf is, kon maklik deur die Honneursstudente gebruik word in die individuele voorligtingsproses met elke leerder aangesien dit eenvoudig en toeganklik vir beide student en leerder was.

* 'n Kort biografiese vraelys is deur die navorser opgestel en onder toesig van die Honneursstudente deur die deelnemers ingevul (Addendum A). Die doel van dié vraelys was om inligting te verkry oor geslag, ouderdom, ouers se beroepe, skolastiese prestasie en verklaarde beroepskeuse.

3.4 Prosedure

Die projek het plaasgevind tussen April en Julie 2002. Insameling van die data het in klasverband geskied. Die deelnemers is voor die tyd ingelig oor die projek, die noodsaaklikheid van kennis rakende hul beroepsbelangstellings vir hul toekomstige beroepsontwikkeling en dat die navorsingsresultate beroepsvoorligters later in hul werk kan help. 'n Motiverende praatjie was bedoel om 'n vriendelike atmosfeer daar te stel sowel as om die leerders te motiveer om die vraelys so volledig, akkuraat en eerlik moontlik in te vul (Addendum B). Die vertroulikheid van alle inligting ingewin is beklemtoon. Die Honneursstudente wat die proses gefassiliteer het, het die inhoud van die biografiese vraelys en die tien belangstellingsvelde duidelik mondelings aan die

deelnemers verduidelik, waarna die deelnemers die biografiese inligting ingevul en die velde in rangorde geplaas het volgens hul voorkeure. Tydens die volgende fase is die beroepsvoorligting gedoen. Die resultate van die vraelyste en die betekenis daarvan is deeglik deur die Honneursstudente aan die individuele leerders verduidelik en geïnterpreteer in samehang met die inligting verkry deur die biografiese vraelys sowel as uit 'n gesprek met die leerders.

Die volgende fase het die verwerking van die data behels. Daar is gekontroleer vir onvolledige, onakkurate en irrelevante data. Daarna is 300 meisies en 300 seuns se vraelyste op toevallige wyse geselekteer. Die data is georganiseer deur die tel, beskrywing en kategorisering van response.

3.5 Statistiese ontleding

Alhoewel die data kwantitatief en kwalitatief ingesamel is, is dit op 'n primêr kwantitatiewe wyse verwerk. Daar is van die "Statistical Package for Social Science" (George & Mallery, 1999) gebruik gemaak om die ontledings te doen.

Beskrywende statistiek is gebruik om gemiddeldes en standaardafwykings te bereken en inferensiële statistiek is gebruik om die beduidendheid van die verskille tussen die seuns en meisies se belangstellingsprofile te bepaal. Om vas te stel of beduidende verskille bestaan het tussen die deelnemers op grond van geslag is 'n meer-veranderlike variansie-analise (MANOVA) op die totale ondersoekgroep uitgevoer, sowel as enkel-veranderlike variansie-analises (ANOVAs) op elke belangstellingsveld apart, met geslag as die onafhanklike veranderlike en die belangstellingsvelde as afhanklike veranderlikes.

Die ouers se beroepe en deelnemers se verklaarde beroepskeuse is aan die hand van Holland se ses werksomgewings gekategoriseer. Die indeling is gedoen deur gebruik te maak van die eerste en belangrikste Holland-kode vir elke beroep. Die totale vir elk van Holland se werksomgewings is vanuit frekwensie tabelle verkry.

4. RESULTATE

4.1 Beskrywende statistiek met belangstellingsvelde as afhanklike veranderlikes en geslag as onafhanklike veranderlike

Gevalle met onvolledige data op enige van die veranderlikes is nie in die finale statistiese ontleding gebruik nie. Die besonderhede van 298 seuns en 299 meisies is dus in hierdie afdeling ontleed (N=597). Daar is deur middel van beskrywende statistiek vasgestel wat die gemiddelde rangorde van die twee geslagte apart vir elke belangstellingsveld was. Standaardafwykings en gesamentlike totale is ook bereken (Tabel 1). Die gemiddelde waardes verteenwoordig die som van die rangordes wat die deelnemers aan elke veld toegeken het, gedeel deur die aantal deelnemers, seuns en meisies apart, en dan gesamentlik. Velde het 'n maksimum rang van 10.

Tabel 1

Gemiddeldes en standaardafwykings van die 10 afhanklike veranderlikes (belangstellingsvelde van die MB-10)

VELDE	GESLAG	GEMIDDELDE	STD. AFW	N
In	Seuns	5.44	2.822	298
	Meisies	7.37	2.556	299
	Totaal	6.41	2.857	597
Gr	Seuns	5.30	2.656	298
	Meisies	6.13	2.559	299
	Totaal	5.72	2.639	597
B	Seuns	6.48	2.772	298
	Meisies	5.94	2.745	299
	Totaal	6.21	2.770	597
Nu	Seuns	5.89	2.802	298
	Meisies	5.78	2.756	299
	Totaal	5.83	2.777	597
L	Seuns	5.76	2.655	298
	Meisies	7.27	2.363	299
	Totaal	6.51	2.623	597
A	Seuns	5.74	2.933	298
	Meisies	4.53	2.724	299
	Totaal	5.13	2.893	597
Pr	Seuns	6.50	2.856	298
	Meisies	4.15	2.502	299
	Totaal	5.32	2.929	597
Sc	Seuns	5.37	2.677	298
	Meisies	4.87	2.552	299
	Totaal	5.12	2.625	597
Z	Seuns	5.32	2.775	298
	Meisies	4.72	2.758	299
	Totaal	5.02	2.780	597
P	Seuns	4.37	2.785	298
	Meisies	4.50	2.742	299
	Totaal	4.44	2.762	597

Die informasie vervat in Tabel 1 word in Tabel 2 opgesom as die rangorde van die 10 belangstellingsvelde soos bepaal deur die gemiddelde waarde wat die ondersoekgroep aan elke veld toegeskryf het deur dit van hoogste gemiddelde tot laagste gemiddelde te rangskik.

Tabel 2

Rangorde bepaal op grond van die gemiddelde rang van die MB-10 belangstellingsvelde

VELD	GEMID.	SA	VELD	GEMID.	SA
SEUNS (n=298)			MEISIES (n=299)		
(1) Pr	6.50	2.856	(1) In	7.37	2.556
(2) B	6.48	2.772	(2) L	7.27	2.363
(3) Nu	5.89	2.802	(3) Gr	6.13	2.559
(4) L	5.76	2.655	(4) B	5.94	2.745
(5) A	5.74	2.933	(5) Nu	5.78	2.756
(6) In	5.44	2.822	(6) Sc	4.87	2.552
(7) Sc	5.37	2.677	(7) Z	4.72	2.758
(8) Z	5.32	2.775	(8) A	4.53	2.724
(9) Gr	5.30	2.656	(9) P	4.50	2.742
(10) P	4.37	2.785	(10) Pr	4.15	2.502
TOTAAL (N=597)					
(1) L	6.51	2.623			
(2) In	6.41	2.857			
(3) B	6.21	2.623			
(4) Nu	5.83	2.777			
(5) Gr	5.72	2.639			
(6) Pr	5.32	2.929			
(7) A	5.13	2.893			
(8) Sc	5.12	2.625			
(9) Z	5.02	2.780			
(10) P	4.44	2.762			

Hiervolgens blyk dit dat die seuns se hoogste belangstellingsveld voorkeur vir hand- en/of masjienwerk (Pr) was, gevolg deur 'n voorkeur vir sakebedrywighe (B) en derdens syferkundige werk (Nu). Hulle het die minste belangstelling getoon in werk met plante of tuinboukundige werk (P), gevolg deur werk met mense in groepe of vir openbare optrede (Gr), en voorkeur vir diere, dierkundige en aanverwante biologies-wetenskaplike werk (Z). Die verspreiding van die gemiddeldes van die velde vir die seuns is van 6.50 (Pr) tot 4.37 (P).

Die meisies se voorkeur vir werk met klein groepies mense of met mense as individue (In) was hul hoogste belangstelling, gevolg deur die voorkeur vir die linguïstiese veld (lees- en skryfwerk) (L), en derdens voorkeur vir werk met groepe mense, of vir openbare optrede (Gr). Die meisies het die minste belangstelling getoon in hand- en/of masjienwerk (Pr), gevolg deur plante en plantkundige- of tuinboukundige werk (P), en voorkeur vir artistiese werk, of kuns en kunswaardering (A). Die verspreiding van die gemiddeldes van die velde vir die meisies is van 7.37 (In) tot 4.15 (Pr).

4.2 Inferensiële statistiek met die MB-10 belangstellingsvelde as afhanklike veranderlikes en geslag as onafhanklike veranderlike

In Tabel 3 word die resultate van 'n meer-veranderlike variansie-analise (MANOVA) gerapporteer. Die analise is op die 10 belangstellingsvelde gesamentlik gedoen om sodoende vas te stel of daar enigsins beduidende verskille ten opsigte van die patroon waarop die seuns en meisies die velde gerangskik het, voorgekom het.

Tabel 3

Opsomming van die meer-veranderlike variansie-analise (MANOVA) uitgevoer op die 10 afhanklike veranderlikes

Effek	Waarde	F	Tussen groep	Binne groep gv	p	Eta kwadraat
GESLAG Wilks' Lambda	.719	22.858	10.000	586.000	.000	.281

Nadat daar bepaal is dat die meer-veranderlike Wilks' Lambda wel 'n beduidende verskil ($F[10, 586] = 22.858; p < .01$) tussen die geslagte se belangstelling op al die velde gesamentlik aangetoon het, is daar enkel-veranderlike variansie-analises (ANOVAs) op elk van die 10 velde

gedoen om te bepaal of daar enige beduidende verskille tussen die seuns en meisies se belangstellings op elke individuele veld voorgekom het. Die resultate word in Tabel 4 gerapporteer.

Tabel 4

Opsomming van die enkel-veranderlike variansie-analises (ANOVAs) van die 10 afhanklike veranderlikes

Bron	Afhanklike veranderlike	Tussen groep gv	Binne groep gv	F	p	Eta kwadraat
GESLAG	In	1	595	76.292	.000**	.114
	Gr	1	595	15.184	.000**	.025
	B	1	595	5.792	.016	.010
	Nu	1	595	.234	.629	.000
	L	1	595	54.064	.000**	.083
	A	1	595	27.577	.000**	.044
	Pr	1	595	114.646	.000**	.162
	Sc	1	595	5.595	.018	.009
	Z	1	595	7.093	.008**	.012
	P	1	595	.326	.568	.001

** $p < 0.01$

* $p < 0.05$

Die ANOVAs toon dat die F-waardes van die volgende velde beduidend is op die 1%-peil:

Mense as individue of in klein groepies (In): (F [1, 595] = 76.292; $p < .01$), met die meisies (M = 7.37) wat hierdie veld beduidend hoër as die seuns (M = 5.44) gerang het. Hierdie veld verklaar 11.4% van die variansie tussen die geslagte.

Mense in groepe of openbare optrede (Gr): (F [1, 595] = 15.184; $p < .01$), met die meisies (M = 6.13) wat hierdie veld beduidend hoër as die seuns (M = 5.30) gerang het). Hierdie veld verklaar 2.5% van die variansie tussen die geslagte.

Linguïsties (L): (F [1, 595] = 54.064; $p < .01$). Die meisies (M = 7.27) het hierdie veld beduidend hoër as die seuns (M = 5.76) gerang. Hierdie veld verklaar 8.3% van die variansie tussen die geslagte.

Artisties (A): ($F [1, 595] = 27.577; p < .01$), met die seuns ($M = 5.74$) wat hierdie veld beduidend hoër as die meisies ($M = 4.53$) gerang het. Hierdie veld verklaar 4.4% van die variansie tussen die geslagte.

Prakties (Pr): ($F [1, 595] = 114.646; p < .01$), met die seuns ($M = 6.50$) wat hierdie veld beduidend hoër as die meisies ($M = 4.15$) gerang het. Hierdie veld verklaar 16.2% van die variansie tussen die geslagte.

Diere, biologiese wetenskappe (Z): ($F [1, 595] = 7.093; p < .01$), met die seuns ($M = 5.32$) wat hierdie veld beduidend hoër as die meisies ($M = 4.72$) gerang het. Hierdie veld verklaar 1.2% van die variansie tussen die geslagte.

Die F-waardes van die volgende velde is beduidend op die 5%-peil:

Voorkeur vir sakebedrywighede (B): ($F [1, 595] = 5.792; p < .05$), met die seuns ($M = 6.48$) wat hierdie veld beduidend hoër as die meisies ($M = 5.94$) gerang het. Hierdie veld verklaar 1.0% van die variansie tussen die geslagte.

Voorkeur vir natuurwetenskappe en fisies-wetenskaplike werk (Z): ($F [1, 595] = 5.595; p < .05$), met die seuns ($M = 5.37$) wat hierdie veld beduidend hoër gerang het as die meisies ($M = 4.87$). Hierdie veld verklaar 0.9% van die variansie tussen die geslagte.

'n Opvolg diskriminant-analise is gedoen as aanvullende ontleding by die MANOVA en ANOVAs (Tabel 3 en 4) om die verband tussen al die afhanklike veranderlikes en die onderliggende dimensie van geslag beter toe te lig. Die bydrae wat elkeen van die 10 afhanklike veranderlikes lewer om tussen die geslagte te onderskei, is bereken en die resultate word in Tabel 5 in die vorm van 'n struktuur matriks of linieêre model opgesom.

Tabel 5

Linieêre model van die verband tussen die afhanklike veranderlikes en die onderliggende dimensie van geslag

	<i>Funksie 1</i>	<i>Funksie 1</i>	<i>Funksie 1</i>	<i>Funksie 1</i>
<i>Pr</i>	.703 <i>A</i>	.345 <i>B</i>	.158	<i>Nu</i> .032
<i>In</i>	-.573 <i>Gr</i>	-.256 <i>Sc</i>	.155	
<i>L</i>	-.483 <i>Z</i>	.175 <i>P</i>	-.037	

Met ontleding van die linieêre model word dit duidelik dat die resultate dié van die MANOVA en ANOVAs (Tabelle 3 en 4) goed ondersteun. Die velde Pr, In en L onderskei die beste tussen die seuns en die meisies se belangstellings, terwyl die velde Nu en P nie 'n rol speel om die velde te onderskei nie.

4.3 Klassifiserende statistiek met die MB 10 belangstellingsvelde as afhanklike veranderlikes en geslag as onafhanklike veranderlike

Verdere ontledings is gedoen op grond van die bogenoemde linieêre model om meer lig te werp op die vermoë van die MB 10 velde om seuns en meisies se groeplidmaatskap in terme van die onafhanklike veranderlike (geslag) te voorspel. Die resultaat word in Tabel 6 opgesom.

Tabel 6

Voorspelde groeplidmaatskap (geslag) van seuns en meisies op grond van die MB 10 velde

GESLAG		Voorspelde groeplidmaatskap		Totaal
		Seuns	Meisies	
Aantal	Seuns	207	91	298
	Meisies	70	229	299
%	Seuns	69.5	30.5	100.0
	Meisies	23.4	76.6	100.0

Van die oorspronklik gegroepeerde deelnemers is 69.5% van die seuns en 76.6% van die meisies dus op grond van die MB 10 velde korrek geklassifiseer as seuns of meisies, wat dus beteken dat

die resultate van belangstelling gemeet deur die MB 10 se belangstellingsvelde groeplidmaatskap goed kan voorspel.

4.4 Beskrywende statistiek toegepas op ouers se beroepe en deelnemers se verklaarde beroepskeuse

Die ouers se beroepe is aan die hand van Holland se ses werksomgewings (Realisties, Onderzoekend, Artisties, Sosiaal, Ondernemend of Konvensioneel)* gekategoriseer. Frekwensie tabelle is opgetrek waarvolgens die verwantskap tussen die deelnemers se verklaarde beroepskeuse en die ouers se beroepe ondersoek word.

* Sien Afdeling 2.2.3 vir verduideliking van die verskeie tipes.

In Tabel 7 word die frekwensietabel van die verskillende beroepe van die deelnemers se ouers weergegee.

Tabel 7

Verspreiding van die ouers se beroepe volgens Holland se beroepsvelde (N = 1200)

		Frekwensie	% Vaders	% Moeders	% Totaal
Realisties	Vader	302	50.3		
	Moeder	205		34.2	
	Totaal	507			42.2
Ondersoekend	Vader	2	0.3		
	Moeder	6		0.6	
	Totaal	8			1.0
Artisties	Vader	1	0.2		
	Moeder	5		0.8	
	Totaal	6			0.5
Sosiaal	Vader	36	6.0		
	Moeder	42		7.0	
	Totaal	78			6.5
Ondernemend	Vader	59	9.8		
	Moeder	17		2.8	
	Totaal	76			6.3
Konvensioneel	Vader	22	3.7		
	Moeder	21		3.5	
	Totaal	43			3.5
Werkloos/Geen ouers/Pensioenaris/ Tuisteskepper	Vader	178	29.7		
	Moeder	304		50.7	
	Totaal	482			40.1

Dit is volgens die persentasies duidelik dat meer as die helfte van die vaders (50.3%) se beroepe binne die kader van Holland se Realistiese werksomgewing val. Die tweede grootste groep vaders is die Werkloos/Geen ouers/Pensioenaris/Tuisteskepper kategorie (29.7%). Die meeste moeders (50.7%) val in die groep Werkloos/Geen ouers/ Pensioenaris/Tuisteskepper. By nadere ontleding

het dit duidelik geword dat die meerderheid van die moeders in hierdie kategorie tuisteskeppers is. Dit kan egter ook beteken dat hul tuis bly juis omdat hul werkloos is. Die tweede grootste groep van die moeders val in die Realistiese werksomgewing (34.2 %). Van die ouers se beroepe het 42.2 % in die Realistiese werksomgewing geval en 40.1 % is as Werkloos/Geen ouers/Pensioenaris/Tuisteskepper gekategoriseer.

In Tabel 8 word die frekwensietabel van die deelnemers aan die ondersoek se verskillende verklaarde beroepskeuses gerapporteer en ook in rangorde gerangskik.

Tabel 8

Frekwensie en rangorde van graad 9 leerders se verklaarde beroepskeuses (N=600)

Werksongewing		Frekwensie	%	Werksongewing		Frekwensie	%
(1) Sosiaal	Meisies	99	33.0	(4) Ondernemend	Meisies	53	17.7
	Seuns	62	20.7		Seuns	37	12.3
	Totaal	161	26.8		Totaal	90	15.0
(2) Realisties	Meisies	11	3.7	(5) Konvensioneel	Meisies	19	6.3
	Seuns	100	33.3		Seuns	7	2.3
	Totaal	111	18.5		Totaal	26	4.3
(3) Artisties	Meisies	52	17.3	(6) Onseker	Meisies	7	2.3
	Seuns	44	14.7		Seuns	13	4.3
	Totaal	96	16.0		Totaal	20	3.3
(3) Ondersoekend	Meisies	59	19.7				
	Seuns	37	12.3				
	Totaal	96	16.0				

Volgens Tabel 8 is die meerderheid van die leerders in die ondersoekgroep in die Sosiale werksomgewing ingedeel (26.8%). Die minste leerders het beroepe in die Konvensionele werksomgewing gekies (4.3%). Die meeste meisies het beroepe in die Sosiale werksomgewing verkies (33.0%) en die kleinste groep meisies het Realistiese tipe beroepskeuses aangedui. Van die seuns het die grootste persentasie aangedui dat hul beoog om Realistiese tipe beroepe te volg (33.3%) en die kleinste groep seuns het Konvensionele tipe beroepe verkies (2.3%). Van die meisies het 2.3%

aangedui dat hul steeds onseker oor hul toekomstige beroepskeuse is en 4.3% van die seuns het dieselfde gerapporteer.

Tabel 9 is 'n opsomming van die meisies se verklaarde beroepskeuses en hul ouers se beroepe.

Tabel 9

Frekwensie van meisies se verklaarde beroepskeuses, sowel as hul ouers se beroepe

Werks- omgewing		Frekwensie	%	Werksomgewing		Frekwensie	%
1 Sosiaal	Meisies	99	33	5 Konvensioneel	Meisies	19	6.3
	Vaders	15	5.0		Vaders	14	4.7
	Moeders	20	6.7		Moeders	13	4.3
2 Onder- soekend	Meisies	59	19.7	6 Realisties	Meisies	11	3.7
	Vaders	1	0.3		Vaders	149	50
	Moeders	4	1.3		Moeders	95	32
3 Onder- nemend	Meisies	53	17.7	7 Onseker Werkloos/Geen ouers/Pensioen- aris/Tuisteskepper	Meisies	7	2.3
	Vaders	34	11.3		Vaders	86	28.7
	Moeders	8	2.7		Moeders	156	52
4 Artisties	Meisies	52	17.3				
	Vaders	1	0.3				
	Moeders	4	1.3				

Van die meisies het 33% beroepe in die Sosiale werksomgewing verkies, terwyl slegs 5% van hulle vaders en 6.7% van hulle moeders hulself in derglike beroepe bevind. Die Onderzoekende werksomgewing is verantwoordelik vir 19.7% van die meisies se verklaarde beroepskeuse, terwyl slegs 0.3% van hulle vaders en 1.3% van hulle moeders se beroepe in hierdie kategorie val. Volgens Tabel 9 het 17.7 % van die meisies se verklaarde beroepskeuse in die Ondernemende werksomgewing geval, in vergelyking met 11.3% van hulle vaders en slegs 2.7% van hulle moeders. Sover dit die Artistiese tipe aangaan het 17.3% van die meisies se verklaarde beroepskeuses, in vergelyking met 0.3% van die vaders en 1.3% van die moeders se beroepe, in hierdie werksomgewing geval. Die Konvensionele werksomgewing vervat slegs 6.3% van die meisies se keuses, terwyl 4.7% van hulle vaders en 4.3% van hulle moeders hul in derglike

werksomgewings bevind. Slegs 3.7% van die meisies in die ondersoekgroep se verklaarde beroepskeuses het binne Holland se Realistiese werksomgewing geval, in vergelyking met 49.7% van hulle vaders en 31.6% van hulle moeders.

Tabel 10 rapporteer die seuns se verklaarde beroepskeuses, sowel as hul ouers se beroepe.

Tabel 10

Frekwensie van seuns se verklaarde beroepskeuses, sowel as hul ouers se beroepe

Werksomgewing		Frekwensie	%	Werksomgewing		Frekwensie	%
1 Realisties	Seuns	100	33.3	4 Onderzoekend	Seuns	37	12.3
	Vaders	153	51.0		Vaders	1	0.3
	Moeders	110	36.6		Moeders	2	0.7
2 Sosiaal	Seuns	62	20.7	5 Konvensioneel	Seuns	7	2.3
	Vaders	21	7.0		Vaders	8	2.7
	Moeders	22	7.3		Moeders	8	2.7
3 Artisties	Seuns	44	14.7	Onseker Werkloos/Geen ouers/Pensioenaris/ Tuisteskepper	Seuns	13	4.3
	Vaders	0	0.0		Vaders	92	30.7
	Moeders	1	0.3		Moeders	148	49.3
4 Ondernemend	Seuns	37	12.3				
	Vaders	25	8.3				
	Moeders	9	3.0				

Volgens Tabel 10 het die seuns (33.3%) minder verklaarde beroepskeuses in die Realistiese werksomgewing gemaak as hulle vaders (51%) en hulle moeders (36.6%). Die seuns het meer belangstelling getoon in beroepe in die Sosiale werksomgewing (20.7%) as hulle vaders (7%) en hulle moeders (7.3%). Dieselfde het gegeld vir die Artistiese werksomgewing met 14.7% seuns wat hierdie tipe beroepe verkies het en 0.3% van hulle moeders wat beroepe in hierdie tipe werksomgewing beoefen het. Geen van die seuns se vaders het in die Artistiese omgewing gewerk nie. In die Ondernemende werksomgewing was die verskille kleiner, met 12.3% van die seuns, 8.3% van hulle vaders en 3% van hulle moeders wat beroepe in hierdie veld gekies het. Die seuns het ook meer belangstelling getoon in Onderzoekende tipe beroepe (12.3%) as hulle vaders (0.3%)

en moeders met 0.7%. Sover dit die Konvensionele werksomgewing aangaan het 2.3% van die seuns dié tipe gekies, terwyl 2.7% van hulle vaders en 2.7% van hulle moeders in hierdie werksomgewing werksaam is.

Tabel 11 verteenwoordig 'n opsomming van die totale ondersoekgroep se verklaarde beroepskeuses en hul ouers se beroepe.

Tabel 11

Opsomming van die totale ondersoekgroep se verklaarde beroepskeuses en hul ouers se beroepe

Werksomgewings	Ouers	Leerders
Realisties	42.2%	18.5%
Onderszoekend	1.0%	16%
Artisties	0.5%	16%
Sosiaal	6.5%	26.8%
Ondernemend	6.3%	15%
Konvensioneel	3.5%	4.3%
Werkloos/Geen ouers/Pensioenaris/ Tuisteskepper	40.1%	
Onseker		3.3%

Hiervolgens is dit duidelik dat 'n groot persentasie van die ondersoekgroep se verklaarde beroepskeuse nie ooreengestem het met hul ouers se beroepe nie.

5. BESPREKING EN GEVOLGTREKKINGS

Die primêre doelstelling van die huidige ondersoek was om vas te stel of daar enige beduidende verskille tussen die geslagte se beroepsbelangstelling is. 'n Meer-veranderlike Wilks' Lambda het bevind dat daar wel 'n beduidende verskil ($F [10, 586] = 22.858; p < .01$) tussen die meisies ($n = 299$) en seuns ($n = 298$) se belangstelling op al tien die MB-10 belangstellingsvelde gesamentlik is. Die resultate van die ANOVAs het getoon dat daar ook beduidende verskille tussen die geslagte op verskeie van die individuele belangstellingsvelde gevind is. Hierdie bevindinge ondersteun dus die gevolgtrekkings van verskeie skrywers oor hierdie onderwerp (Botha, 1996;

Meyer, 1980; 1993; 1998; Owen & Taljaard, 1988; Papalia & Olds, 1993; Sharf, 1997; Stead, 1988; Watson, 1984; Wium, 2001).

Volgens Meyer (1993) verwys die Individue en Groepe-velde van die MB-10 na belangstelling om met mense om te gaan in 'n beroep. 'n Ontleding van die data in Tabel 2 toon dat die meisies in die huidige ondersoek se voorkeur vir werk met mense as individue of in klein groepies (In) hul hoogste belangstelling was ($M = 7.37$) en dat voorkeur vir werk met groepe mense of vir openbare optrede (Gr) ($M = 6.13$), hul derde keuse was. Die meisies se belangstelling in hierdie veld is statisties beduidend hoër as die seuns s'n op die 1%-peil (Tabel 4). Hierdie bevinding ondersteun verskeie ander navorsers se bevindinge (Betz & Fitzgerald, 1987; Beytell, 1984; Havenga, 1988; Holland, aangehaal in Sharf, 1997; Lightbody & Dumdell, 1996; Meyer, 1980; 1993; Mullis et al., 1998; Stead, 1988; Steenkamp, 1992; Trusty et al., 2000; Watson et al., 1997; Wium, 2001). Die grootste persentasie van die meisies in die huidige ondersoekgroep (33%) se verklaarde beroepskeuses is dan ook in Holland se Sosiale werksomgewing gekategoriseer. Sharf (1997) verwys na Holland se bevindinge dat die meeste vroue in die Sosiale werksomgewing gevind word. Volgens Mullis et al. (1998) word vroue tradisioneel versterk vir meer sosiale en dienslewerende gedrag en Stead (1988) noem dat meisies voorkeur gee aan beroepe wat met mense eerder as met dinge te doen het. Meisies gee ook voorkeur aan aktiwiteite wat met versorging verband hou. Hierdie geslagsrolstereotipe word dus deur die bevindinge van die huidige ondersoek ondersteun en dit kom voor asof meisies in 'n histories benadeelde, arm omgewing baie ooreenstem met meisies universeel.

Die Sosiale werksomgewing het die grootste persentasie van die totale ondersoekgroep se verklaarde beroepskeuses verteenwoordig (26.8%; Tabel 8). Hierdie bevinding kom ooreen met die Suid-Afrikaanse navorsingsresultate van Cloete (aangehaal in Kinnear, 1996), Watson en Stead (aangehaal in Stead, 1996), asook Watson et al., (1997). Mullis et al. (1998) en Holland (aangehaal in Sharf, 1997) se navorsing ondersteun ook hierdie bevindinge. Dit was die tweede gewildste werksomgewing vir die seuns. 'n Kwalitatiewe ondersoek na die data toon dat die meeste van die seuns se verklaarde beroepskeuses in hierdie werksomgewing egter in die kader van die polisiediens, korrektiewe dienste en vloot is, wat in 'n mate ondersteun word deur hul hoë belangstelling in die Praktiese belangstellingsveld (Pr) en nie soseer deur humanitêre belangstelling nie. Die seuns het die sosiale belangstellingsvelde van werk met mense as individue (In) ($M = 5.44$) en mense as groepe (Gr) ($M = 5.30$) (Tabel 2) onderskeidelik slegs sesde en negende gerang.

‘n Sekondêre doelstelling van die huidige ondersoek was om die invloed van ouerlike rolmodelle op adolessente se beroepsbelangstellings te ondersoek. ‘n Groot verskil kom voor tussen die deelnemers en hul ouers se belangstelling in die Sosiale werksomgewing, waar 20.7% van die seuns sosiale rigtings gekies het, terwyl slegs 7% van hul vaders en 7.3% van hul moeders in sosiale beroepe werksaam is. Van die meisies het 33% verklaarde beroepskeuses in hierdie veld gemaak terwyl 5% van hul vaders en 6.7% van hul moeders in derglike beroepe was (Tabel 10). Ouerlike rolmodelle blyk dus nie hier ‘n rol te speel nie en die argument kan gemaak word dat dit is as gevolg van die politiese en sosio-ekonomiese geskiedenis van die Kaapse Weskusstreek, waar bruin mense tydens die apartheidsbewind hervestig is om in fabriek te werk en min werkseleenthede dus in hierdie streek in die Sosiale werksomgewing vir die deelnemers se ouers bestaan het. Beroepe soos verpleging, onderwys en sosiale werk kom wel nou meer algemeen in hierdie omgewing voor en daar is dus rolmodelle in die Sosiale werksomgewing beskikbaar, maar ouers in derglike beroepe woon waarskynlik nie in hierdie minderbevoorregte gebiede nie en hul kinders gaan moontlik ook nie daar skool nie.

Verskeie navorsers het in hul ondersoeke gevind dat seuns meer as meisies in tegniese beroepe en aktiwiteite belangstel (Betz & Fitzgerald, 1987; Beytell, 1984; Lightbody & Durndell, 1996; Meyer, 1980; 1993; Owen & Taljaard, 1988; Stead, 1988; Steenkamp, 1992; Wium, 2001). Hierdie bevindinge word deur die huidige ondersoek ondersteun deurdat die meisies die Praktiese veld (Pr) laaste op die belangstellingsrangorde geplaas het terwyl die seuns die hoogste rang hieraan toegeken het (Tabel 2). Die ANOVA (Tabel 4) bewys dan ook dat die seuns se belangstelling in hierdie veld statisties beduidend hoër is op die 1%-peil as dié van die meisies. Hierdie bevinding ondersteun die tradisionele geslagsrolstereotipe van seuns wat hou van hande- en masjienwerk en meisies nie. Meyer (1993) is van mening dat dit wil voorkom asof identifikasie met die geslagsrol ‘n groot invloed op belangstelling het en dat dit skynbaar in Suid-Afrika tradisioneel is dat die vroulike geslag nie met masjienwerk geassosieer wil word nie.

Die seuns het aansienlik hoër frekwensies as die meisies vir die Realistiese werksomgewing behaal, wat ook ooreenstem met tradisionele geslagsrolstereotipering (Holland, aangehaal in Sharf, 1997; Mullis et al., 1998). Slegs 3.7% van die meisies se verklaarde beroepskeuse val in hierdie werksomgewing, terwyl die grootste groep van die seuns (33.3%) beroepe in dié omgewing verklaar het (Tabel 8). Dit is dan ook die hoogste frekwensie vir die seuns. Osipow en Fitzgerald

(1996) verwys na die navorsing van Roe wat bevind het dat die fisiese en biologiese verskille tussen seuns en meisies beroepsbelangstelling kan beïnvloed deurdat sekere Realistiese beroepe meer spierkrag vereis en dus sal sekere beroepe meer toeganklik vir seuns wees. Meyer (1980) noem dat dit logies sal wees om mans in beroepe aan te tref wat meer gevaarlik is, aangesien die stereotipiese siening is dat hul beter in staat is om dit te doen as vroue.

‘n Vergelyking tussen die seuns se verklaarde beroepskeuses en hul ouers se beroepe (Tabel 10) bevind dat daar redelike ooreenstemming is in die Realistiese werksomgewing (seuns 33.3%; vaders 51%; moeders 36.6%). ‘n Kwalitatiewe ondersoek na die data toon dat die meeste van die seuns in ambagte en tegniese beroepe belangstel, terwyl sommige ook soos hul ouers plaasarbeid, fabriekswerk en vissersberoepe nastreef. Hierdie neiging kan moontlik tot ‘n mate verklaar word deur die feit dat dit die oorwegende rolmodelle in hierdie streek is, asook deur die feit dat dit die werksomgewing in hierdie streek is wat die meeste werkseleenthede bied. ‘n Verdere rede kan wees dat sekere beroepe meer bekend is in sekere sosio-ekonomiese klasse as ander, byvoorbeeld blouboordjieberoepes onder die werkersklas. Thom et al. (1998) noem verder dat ouers uit middel- en hoër sosio-ekonomiese klasse geneig is om hoër verwagtings van hul kinders te hê as ouers uit laer sosio-ekonomiese klasse. Mullis et al. (1998) het in hul Amerikaanse studie gevind dat leerders met ouers in professionele beroepe oor die algemeen laer tellings in Holland se Realistiese werksomgewing behaal het en leerders met ouers met ongeskoolde beroepe weer meer in die Realistiese werksomgewing belanggestel het. Volgens Gottfredson (1981) kan verwag word dat individue uit ‘n laer sosio-ekonomiese stand meer Realistiese en Konvensionele tipe beroepe sal kies.

Die meisies in die huidige ondersoek het min belangstelling getoon in die Realistiese werksomgewing (3.7%) alhoewel 31.6% van hul moeders en 49.7% van hul vaders in dergelyke beroepe is (Tabel 9). Die moeders is hoofsaaklik huishulpe, plaasarbeiders en fabriekswerkers en dit blyk dus dat die meisies hoër beroepsaspirasies koester, veral in Sosiale en Ondersoekende rigtings. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die wêreldwye tendens dat vroue hoër bekwaamheidsverwagtinge begin koester en volg ook geslagrolstereotipes. Die moeders se beroepsgegewens volg nie geslagrolstereotipes nie en is waarskynlik die gevolg van politiese en ekonomiese faktore wat hul opsies beperk het. Bozalek (aangehaal in Thom et al., 1998) noem byvoorbeeld dat baie Suid-Afrikaanse adolessente uit werkersklasgesinne tydens die

apartheidsbewind op 'n vroeë ouderdom die skool moes verlaat om met hul arbeid die gesin se inkomste aan te vul en dat dit noodwendig hul opleiding- en loopbaanmoontlikhede beïnvloed het.

Volgens Meyer (1993) verkies individue met 'n hoë belangstelling in die Praktiese (Pr) veld tegniese en handwerkberoep. Belangstelling in Syfers (Nu) kan ook belangstelling in die Praktiese veld ondersteun deurdat semi- en geskoolde tegniese beroepe gewoonlik 'n verskeidenheid van praktiese wiskundige berekeninge behels. Die seuns in die huidige ondersoek het dan ook syferkundige aktiwiteite as hul derde keuse gerang ($M = 5.89$; Tabel 1). Meyer (1980; 1993) het in sy ondersoek deurgaans lae belangstelling onder meisies in hierdie veld gevind. In die huidige ondersoek het die meisies dié veld egter as hul vyfde keuse uit tien gerang ($M = 5.78$; Tabel 1). Timmey (2001) en Trusty et al. (2000) verwys na verskeie skrywers wat beweer dat tradisionele geslagsrolstereotipes sou voorskryf dat seuns beduidend meer belangstel in syferkundige aktiwiteite as meisies, veral omdat meisies lae bekwaamheidsverwagtinge in hierdie rigting het. Die ANOVA (Tabel 4) rapporteer egter dat daar in die huidige ondersoek nie 'n beduidende statistiese verskil tussen die geslagte se belangstelling in syferkundige aktiwiteite voorkom nie.

Belangstelling in syferkundige werk is ook relevant wanneer individue in wetenskaplike aktiwiteite belangstel aangesien wiskundige berekeninge deurentyd in hierdie veld gebruik word. Die fisies-wetenskaplike belangstellingsveld (Sc) is in die huidige ondersoek sewende op die seuns se rangorde, wat betreklik laag is in vergelyking met bevindinge van studies deur Holland (aangehaal in Sharf, 1997). Die meisies in die huidige ondersoek het die veld (Sc) sesde gerang. Daar is nie 'n statistiese beduidende verskil tussen die geslagte se belangstelling in hierdie veld op die 1%-peil nie (Tabel 4) wat teenstrydig met geslagsrolstereotipe is. Beide die geslagte se belangstelling in hierdie veld is betreklik laag en net 12.3% van die seuns het verklaarde beroepskeuses in die Onderzoekende werksomgewing gemaak. Volgens Timmey (2001) se navorsing neem baie min leerders uit die bruin gemeenskappe van die Kaapse Weskus Wiskunde en Natuur- en Skeikunde in die hoërskool. Redes hiervoor is 'n akute vrees om te faal, swak of geen beroepsvoorligting, asook swak gehalte onderrig wat in die laerskole in hierdie vakke aangebied word (Timmey, 2001).

Hoewel slegs 19.7% van die meisies die Onderzoekende werksomgewing verkies het, verteenwoordig dit tog die tweede hoogste persentasie behaal. Die Onderzoekende werksomgewing behels fisies-wetenskaplike aktiwiteite en die feit dat die meisies die Sc-

belangstellingsveld so laag gerang het, korreleer dus nie met hierdie bevinding nie. Timmey (2001) verwys na 'n studie deur Stewart wat bevind het dat Britse meisies wat wel aangaan met wetenskap op "A-level" vlak steeds 'n meer persoons-georiënteerdheid toon ten opsigte van hul verklaarde beroepskeuse. By nadere ondersoek na die tipe beroepe wat die meisies in die huidige ondersoek as hul verklaarde keuses aangedui het, kan dit ook meestal verbind word met hul hoë belangstelling in dienslewing en werk met mense aangesien beroepe soos mediese dokter, fisioterapeut en wetenskap onderwyseres gewild was. Hierdie verskysel ondersteun dus die geslagsrolstereotipe van meisies wat in die Sosiale werksomgewing belangstel.

Volgens Sharf (1997) het Holland gevind dat baie mans in die Ondersoekende werksomgewing werk, maar slegs 0.3% van die vaders in die huidige ondersoek beoefen dergelike beroepe. Uit die 300 seuns het 37 beroepskeuses in hierdie omgewing gemaak terwyl slegs een van hul vaders en twee moeders beroepe in dié omgewing het. Dieselfde tendens kom voor by die meisies, waar 19.7% van hulle beroepe in hierdie veld verkies het, in teenstelling met een van die vaders en vier van die moeders. Hierdie bevinding is waarskynlik beïnvloed deur vroeëre apartheidsbeleide en sosio-ekonomiese omstandighede wat verhoed het dat bruin mense tersiër opgelei word in hierdie rigtings. Dit blyk dat, alhoewel daar min ouerlike rolmodelle in hierdie veld is, daar tog belangstelling daarin is onder die deelnemers, moontlik as gevolg van meer geleenthede wat vir histories benadeeldes beskikbaar kom. Dié belangstelling is egter steeds kommerwekkend laag, veral as in ag geneem word dat die Suid-Afrikaanse arbeidsmark 'n tekort aan wetenskaplik-opgeleide mannekrag het (Timmey, 2001).

De Bruin (1999) is van mening dat juis omdat so min Suid-Afrikaanse studente wiskundige, wetenskaplike en ingenieurskursusse voltooi, daar 'n tekort aan spesifiek swart rolmodelle is in wetenskaplike beroepe. Alhoewel verskeie individue na die afskaffing van apartheid vanaf oorsee teruggekeer het met goeie wetenskaplike kwalifikasies, is hierdie rolmodelle meestal verwyderd van die alledaagse leefwêreld van minderbevoorregte adolessente. Dit verminder dus die kans dat waarnemingsleer, volgens Bandura (aangehaal in Betz & Schifano, 2000) 'n baie belangrike bron van bekwaamheids-verwagtinge, sal plaasvind. Uit die huidige ondersoek se gegewens is dit duidelik dat baie min ouers as rolmodelle in wetenskap en wiskunde-gerelateerde beroepe dien. Dit is ook moontlik om die afleiding te maak dat die deelnemers in die ondersoekgroep ook nie veel ander sulke rolmodelle in hul onmiddellike omgewing het nie, aangesien die ekonomiese bedrywighede van die streek nie hierdie tipe beroepe aanmoedig nie.

Die seuns in die huidige ondersoekgroep het Sakebedryghede (B) as hul tweede keuse gerang (M = 6.48; Tabel 2). Geen studies wat hierdie hoë belangstelling ondersteun, kon gevind word nie. Sharf (1997) noem dat Holland gevind het dat meeste mans in die Ondernemende en Ondersoekende werksomgewings gevind word. Die seuns in die huidige studie het egter die Ondernemende omgewing vierde uit die ses werksomgewings gerang. In Tabel 10 word gerapporteer dat 12.3% van die seuns in Ondernemende werksomgewings belangstel en by nadere ondersoek is dit duidelik dat die meerderheid van dié groep entrepreneuriese aktiwiteite beplan eerder as professionele beroepe. Die meisies het hierdie veld vierde gerang, met 'n gemiddelde van 5.94 (Tabel 2). Die verskil in belangstelling in hierdie veld tussen die geslagte is nie beduidend op die 1%-peil nie. Van die meisies beoog 17.7% om Ondernemende beroepe soos entrepreneur en besigheidspersoon te volg. Naas Sosiale en Ondersoekende beroepe is dit die meisies se derde gewildste werksomgewing, wat nie geslagsrol-tradisioneel is nie aangesien Konvensionele en Artistiese beroepe meer gewild is onder vroue.

In Tabel 10 word gerapporteer dat slegs 8.3% van die seuns se vaders en 3% van hul moeders in Ondernemende beroepe is en dus kan die afleiding nie soseer gemaak word dat die seuns hierdie belangstelling ontwikkel het as gevolg van ouerlike rolmodelle nie. Van die meisies se vaders is 11.3% in derglike werksomgewings werksaam, terwyl slegs 2.7% van hul moeders in hierdie omgewing werksaam is. Die invloed van die media en gemeenskapsrolmodelle mag moontlik 'n rol gespeel het in die ontwikkeling van die deelnemers aan die huidige ondersoek se belangstelling in die besigheidswêreld, aangesien die nuwe generasie suksesvolle besigheidsmense vanuit die histories-benadeelde groepe gereeld in die media as rolmodelle voorgelê word. Die feit dat so min van die seuns beoog om tersiër opgelei te word in hierdie veld kan moontlik met die ouers se finansiële status en opvoedkundige geskiedenis in verband gebring word. Volgens Gottfredson (1981) kan verder verwag word dat individue uit 'n laer sosio-ekonomiese stand meer Realistiese en Konvensionele tipe beroepe sal kies. Killeen (aangehaal in Arkhurst & Mkhize, 1999), verduidelik ook dat daar wêreldwyd 'n neiging is om weg te beweeg van die primêre arbeidsmark as basis vir werkstabiliteit en sekuriteit in die hierargieë van groot maatskappye en regerings. Die nuwe beweging is in die rigting van die sekondêre arbeidsmark wat bestaan uit arbeids-intensiewe, lae tegnologiese en informele groeperinge, sowel as entrepreneuriese beroepe.

Die meisies het die Artistiese belangstellingsveld (A) agtste uit die tien velde gerang. Betz en Fitzgerald (1987), Holland (aangehaal in Sharf, 1997) en Owen en Taljaard (1988) het in hul onderskeie ondersoeke egter gevind dat meisies hoë belangstelling in die artistiese beroepe getoon het. Dit is interessant dat die seuns in die huidige ondersoek se belangstelling in die Artistiese veld (A) statisties beduidend hoër as die meisies s'n is (Tabel 4). Hierdie bevinding word ondersteun deur verskeie studies aangehaal deur Sharf (1997) wat daarop dui dat etniese manlike Amerikaanse studente die artistiese belangstellingsveld deurgaans hoër rang as ander velde en as wat wit mans dit rang. Meyer (1993) se bevinding dat manlike groepe deurgaans lae belangstelling in hierdie veld rapporteer word dus skynbaar nie deur die huidige ondersoek ondersteun nie en dit wil voorkom asof geslagsrolidentifikasie nie hier 'n rol speel nie.

Die Artistiese werksomgewing is aangedui as die verklaarde beroepskeuse van 14.7% van die seuns in die huidige studie (Tabel 10), wat die derde grootste groep verteenwoordig. Van die meisies het 17.3% (52) verklaarde beroepe in hierdie omgewing aangemeld wat dit die vierde gewildste werksomgewing vir die meisies maak. By nadere ondersoek na die spesifieke beroepe wat die seuns aangedui het, is dit duidelik dat daar meestal na gewilde, modieuse beroepe verwys word, byvoorbeeld sanger, model, danser, akteur en televisie-persoonlikheid. Die massamedia soos tydskrifte, koerante, rolprente, radio en televisie beïnvloed adolessente se beroepsbelangstellings (Akhurst & Mkhize, 1999). Realiteitsprogramme soos Pop Idols en Coca-Cola Popstars ervaar tans baie hoë gewildheidsvlakke onder die Suid-Afrikaanse jeug en gewilde kinder- en tiener televisieprogramme maak gebruik van adolessente as aanbieders. Tydens haar nege jaar as beroepsvoorligter aan hoërskole het die huidige navorser dan ook ervaar dat adolessente se beroepsaspirasies baie beïnvloed word deur bogenoemde populêre beroepe. Ouerlike rolmodelle blyk nie in die huidige ondersoek hier 'n rol te speel nie, aangesien geen van die seuns se vaders in artistieke beroepe is nie, terwyl slegs een van die moeders 'n mode-ontwerpster is.

Volgens Meyer (1993) dui die Linguïstiese-veld (L) op 'n voorkeur vir lees-en skryfwerk, wat klerklike werk kan insluit. In die huidige ondersoek het die meisies dié veld tweede gerang ($M = 7.27$), wat statisties beduidend hoër is as dié van die seuns. Die seuns het hierdie veld as hul vierde hoogste belangstelling aangedui ($M = 5.76$). Die deelnemers aan die ondersoek se belangstelling in linguïstiese aktiwiteite blyk egter nie ondersteun te word deur hoë aanduidings van verklaarde beroepskeuses in die Konvensionele veld nie. Intendeel, slegs 6.3% van die meisies het aangedui dat hul beoog om klerklike rigtings of kantoorwerk na te streef en slegs 2.3% seuns het derglike

werksomgewings as beroepskeuses genomineer. Gottfredson (1981), asook Mullis et al. (1998) en Holland (aangehaal in Sharf, 1997), rapporteer dat baie van die tradisioneel-vroulike beroepe in die Konvensionele werksomgewing gekonsentreer is, waar die huidige studie nie dieselfde vir die deelnemers bevind het nie. Ouerlike rolmodelle mag hierin 'n rol speel, aangesien slegs 3.5% van die deelnemers se ouers se beroepe as Konvensioneel geklassifiseer kan word – slegs 14 van die vaders en 13 van die moeders bevind hulself in beroepe soos klerk, sekretaresse, rekenmeester en kassier. Die deelnemers aan die huidige ondersoek blyk dus nie veel blootstelling aan die meer professionele beroepe in hierdie veld te hê nie, en mag dalk, alhoewel die aktiwiteite in hierdie belangstellingsveld vir hul aantreklik klink, nie bewus wees van die beroepsmoontlikhede nie.

Beide geslagte het in die huidige ondersoek lae voorkeur getoon vir werk met plante en diere, wat ooreenkomstig is met Meyer (1980; 1993) se bevindinge met die standaardiseringsondersoeke van die Kodus en MB-10. Geen studies kon gevind word wat hierdie velde as gewilde belangstellingsvelde by seuns of meisies uitlig nie. Die meisies het Plante (P) negende op hul rangorde geplaas ($M = 4.5$) en die seuns het dié veld laaste op hul rangorde geplaas ($M = 4.37$). Biologiese wetenskappe is agtste op die seuns se rangorde ($M = 5.32$) en sewende op die meisies se rangorde ($M = 4.72$). Geen statistiese beduidende verskil is tussen die twee geslagte op die Plante-belangstellingsveld gevind nie, terwyl die seuns die Dierkundige veld statisties beduidend hoër op die 1%-peil gerang het as die meisies. Volgens Meyer (1980; 1993) is moontlike verklarings vir die min belangstelling in Plante dat werk met plante met 'n verpligte huishoudelike taak, naamlik om in die tuin te werk, geassosieer word. Die deelnemers het moontlik ook die persepsie dat daar nie genoegsame beroepsgeleenthede in hierdie twee velde is nie. Volgens Statistiek Suid-Afrika (2003) se jongste mannekragstudie is die beroepsomgewing met die minste werknemers dié van geskoolde landbou wat beroepe behels soos gewasverbouers, tuinboukundiges en bosbouers, asook suiwel-, vee- en pluimvee vervaardigers. Dit blyk dus dat daar wel min werksgeleenthede in die velde van diere en plante in Suid-Afrika bestaan. Geen van die ouers in die huidige ondersoek se beroepe val in hierdie belangstellingsveld nie, behalwe dié wat as plaasarbeiders prakties met diere en plante omgaan. Seuns wat aangedui het dat hul ook beplan om plaasarbeiders te word, sowel as die twee seuns wat hul verklaarde beroepskeuse as tuinboukundige aangedui het, is in Holland se Realistiese werksomgewing ingedeel. Ouerlike rolmodelle blyk dus wel hier 'n invloed op die seuns te hê, maar nie op die meisies nie.

Holland (aangehaal in Sharf, 1997) verwys na die Realistiese en Sosiale werksomgewings as daardie omgewings wat die meeste deur stereotipes geraak word en dit wil voorkom asof die bevindinge van die huidige studie hierdie uitgangspunt ondersteun. Die meerderheid van die deelnemers aan die ondersoek toon belangstelling in aktiwiteite betrokke in hierdie rigtings, soos byvoorbeeld om met mense of masjiene te werk (Tabel 2) en streef ook Sosiale en Realistiese beroepe na (Tabel 11). Die belangstellingspatrone in numeriese, wetenskaplike, artistiese en linguïstiese aktiwiteite volg egter nie soseer geslagstereotipiese verwagtinge nie.

Trusty et al. (2000) verwys na verskeie studies wat bevind het dat meisies se beroepsaspirasies die afgelope drie dekades minder geslagsrolgetipeerd raak en voorts wys hulle daarop dat die getal vroue wat hoog-geskoolde beroepe soos ingenieurswese en besigheid gekies het, oor die afgelope drie dekades toegeneem het. Kulik (2002) is van mening dat daar in die laaste dekades rede is om te glo dat die jonger geslag op 'n vroeër ouderdom tot idees rakende die gelykheid van die geslagte blootgestel is en dat hiervolgens verwag kan word dat kinders meer liberale houdings jeens geslagsrolle as hul ouers sal hê. Hierdie waarnemings word bevestig deur die hoë aantal geskoolde en hoog-geskoolde beroepe wat die meisies in die huidige ondersoek in die Sosiale, Ondersoekende en Ondernemende werksomgewings verklaar het. Kulik (2002) haal Reskin en Ross aan wat meen dat toenemende getalle vroue die afgelope paar jare die geslagsgrense betreffende beroepe kruis en dat die omgekeerde in 'n mindere mate ook waar is. Volgens Kulik (2002) kan ons dus aanvaar dat adolessente se beroepsiening minder gestereotipeerd as dié van hul ouers sal wees. Navorsing het ook bewys dat kinders van werkende moeders minder geslagsrolstereotipes het as dié van werklose moeders.

Russo en Denmark, sowel as Betz (aangehaal in Osipow & Fitzgerald, 1996), beklemtoon dat vroue hul beroepsaspirasie afwater om die realiteite van die kombinerings van moederskap en beroep te akkommodeer. In die huidige ondersoek blyk dit moontlik die geval te wees met die moeders van die deelnemers, maar baie van die meisies in die ondersoekgroep het professionele beroepsaspirasies. Thom et al. (1998) meld verder dat meisies se sienings van geskikte geslags- en beroepsrolle deur die soort moederrol wat hul ken, beïnvloed word. Conger (aangehaal in Thom et al., 1998), noem dat meisies wie se moeders werk, geneig is om ook te wil werk wanneer hul getroud is en kinders het. 'n Meisie se houding teenoor beroepsbeoefening, haar ideale en prestasies word ook beïnvloed deur die moeder se houdings, hetsy positief of negatief teenoor haar werk, haar tevredenheid en prestasie, asook haar vermoë om die rolle van beroepsvrou, moeder en

huweliksmaat suksesvol te kombineer. Aangesien meer as 50% van die moeders van die meisies in die huidige ondersoekgroep nie formeel werk nie, is dit interressant dat die meerderheid van die meisies beroepe in die formele sektor gekies het. Dit blyk asof daar meer ambisie by die meisies voorgekom het as wat hul moeders se beroepsrolmodelle aan hul voorhou.

Volgens Thom et al. (1998) ondergaan meer meisies deesdae opleiding na skool en word meer van hulle professionele beroepsvroue. Perrone et al., (2001) en Gerdes et al., (1998) wys daarop dat die getal vroue wat hoër opvoeding of beroepe buite die huis nastreef, bly vermeerder. Thom et al. (1998) wys ook daarop dat al meer meisies tot beroepe toetree wat voorheen hoofsaaklik vir mans gereserveer was, byvoorbeeld die ingenieurswese en sielkunde. Vroue vorm egter steeds 'n minderheidsgroep in die mediese en regsberoepe. Volgens Sverko en Super (aangehaal in Kulik, 2002) is meisies deesdae meer bewus van beroepsgeleenthede en hulle neem besluite in 'n atmosfeer wat ondersteunend is van die kombinerings van 'n beroep met huislike pligte. Dit dra by tot meer liberale geslagsrolhoudings volgens Moen, Erickson en Dempster-McClair, (1997). Thornton (1989) noem dat houdings en waardes rakende gepaste rolle vir mans en vroue die tweede helfte van die twintigste eeu vinnig verander het. Wium (2001) is van mening dat die wêreld van werk en die gelykwaardige behandeling van alle mense heeltemal verander het en dat geslagsrolstereotiperings heel waarskynlik nie in die toekoms stand sal hou nie. Volgens Sharf (1997) en Papalia en Olds (1993) is daar progressief al hoe meer ooreenstemming tussen die belangstellings van mans en vroue as gevolg van die toenemende buigzaamheid van geslagsrolle, maar is daar steeds beduidende verskille.

Op grond van die huidige ondersoek kan gesê word dat die Praktiese (Pr), Mense as individue (In) en Linguïstiese (L) velde van die MB 10 goed onderskei tussen die geslagte se belangstellings, en die Syferkundige (Nu) en Plante (P) velde nie. Aangesien geslagsrolstereotipes dit wil hê dat meisies meer in sosiale en dienslewerende aktiwiteite belangstel en seuns meer in praktiese en tegniese aktiwiteite, kan aanvaar word dat hierdie stereotipes deur die huidige ondersoek ondersteun word, maar nie die algemeen-aanvaarde stereotipe dat meisies nie in syferkundige werk belangstel nie. Samevattend kan dus gesê word dat die resultate oor die verskil tussen die seuns en die meisies se beroepsbelangstellings, soos bevind in die huidige ondersoek, grootliks ooreenstem met die resultate van ander navorsers wat vanuit die literatuur verkry is en dat die geslagte se beroepsbelangstellings wel van mekaar onderskeibaar is. Die deelnemers se beroepsbelangstellings is egter minder geslagsrolstereotopies as wat uit die literatuurstudie verwag is.

Volgens Thom et al. (1998) kies adolessente dikwels dieselfde of verwante beroepe as hul ouers. Hulle haal Conger aan wat dit stel dat die vader se beroeps-beoefening veral 'n groot invloed uitoefen op die seun se beroepskeuse omdat die seun dikwels die vader se beroep ken en dus makliker daarmee kan identifiseer. Verdere moontlike redes waarom kinders ouers se beroepe kies, is, volgens Meyer, omdat daar werksgeleenthede in die spesifieke beroepsveld is (Persoonlike mededeling, 2004). Kinders neig ook om by die bekende te bly indien hulle onseker van hulself is. Hulle het moontlik ook reeds vaardigheid in die ouer se beroepsveld ontwikkel en dan is daar die moontlikheid van 'n genetiese aanleg in die ouer se beroepsveld.

Mau en Bikos (2000) haal verskeie studies aan wat bevind het dat ouers se sosio-ekonomiese status, die vader se beroepsvlak en die opvoedkundige vlak van die ouers 'n groot rol in kinders se beroepsaspirasies speel. 'n Studie deur Kulik (2002) bevind dat die oordrag van vaardighede, kennis en houdings ten opsigte van werk en beroepe van die ouer na die kind deesdae minder duidelik is. Die huidige geslag jeugdige sal hul persoonlike beroepsideale volg en minder beïnvloed word deur hul familie agtergrond. Dit blyk uit die frekwensietabelle 9, 10 en 11 dat die ouers in die huidige ondersoek se beroepsrolmodelle nie 'n kragtige invloed op die deelnemers se beroepsbelangstellings het nie.

Moontlike redes vir die verskil tussen die deelnemers en hul ouers se beroepskeuses sou kon insluit dat die kinders hoër aspireer as hul ouers, dat hulle nie realisties of kundig oor beroepe is nie, dat hul bloot nog nie beroepsryp is nie en dat televisie 'n groot invloed op hul belangstelling uitoefen. Kennis van 'n bepaalde beroepsveld, soos byvoorbeeld dié van 'n ouer, lei nie noodwendig na groter belangstelling in daardie rigting nie (Meyer, 1993). Maesela (1994) vestig die aandag daarop dat swart mense in Suid-Afrika tot beperkte tersiêre opvoedkundige keuses blootgestel is en dat ongeskoolde of semi-geskoolde arbeid aan die orde van die dag vir die meerderheid van dié individue was. Watson en Stead (1996), asook Arkhurst et al., (1999) noem dat histories benadeelde leerders 'n beperkte beskikbaarheid van rolmodelle en gebrekkige beroepsopvoeding het. Opvallend uit die gegewens in Tabel 7 is die groot hoeveelheid van die ouers wat in die Werkloos/geen ouers/pensioenaris/tuisteskepper kategorie voorkom (29.7% vaders; 50.7% moeders; 42.2% totaal). Buiten hierdie kategorie het die meeste van die deelnemers aan die huidige ondersoek se ouers in die Realistiese kategorie (50.3% vaders; 34.2% moeders; 40.1% totaal) geval. 'n Kwalitatiewe ontleding wys dat tegniese beroepe soos ambagsman,

fabriekswerker, visserman en plaasarbeider baie by die vaders voorkom, en dat die meerderheid van die moeders huishulpe, fabriekswerkers en plaaswerkers is.

Stead (1996) verwys na Matsebatlela wat van mening is dat baie swart ouers hul kinders nie van voldoende raad rakende beroepskeuse kan voorsien nie, aangesien hulle agtergelaat is deur die vinnig-veranderende tegnologiese omgewing en hulself in ongeskoolde of semi-geskoolde werksomgewings bevind. Baie van die advies is in die algemeen beperk tot die behoefte aan die voorsiening van 'n konstante inkomste en die voorkeur aan sosiale en professionele status.

Volgens Holland (aangehaal in Mullis et al., 1998), is die sosio-kulturele konteks van kritiese belang om meer lig te werp op beroepsontwikkeling. Die NCSNET/NCESS-verslag (aangehaal in Wium, 2001), rapporteer dat swak huislike omstandighede 'n adolessent onmiddellik in 'n benadeelde posisie plaas omdat ouers 'n belangrike invloed op hul kinders se beroepsbelangstellings uitoefen. Dit wil voorkom asof die politiese en ekonomiese geskiedenis van die bruin mense van die Weskusstreek steeds sosio-ekonomiese implikasies vir dié gemeenskap het, maar dat die nuwe geslag adolessente vir hulself 'n meer gevarieerde, uitdagende en belonende beroepstoekoms voorsien as dié van hul ouers.

Bogenoemde bevindinge en bespreking ondersteun sosiaal-kognitiewe beroepsteorie se konsep van triadiese wederkerigheid wat bepaal dat daar wisselwerking plaasvind tussen persoonlike eienskappe, gedrag en die eksterne omgewing. Individue word geraak deur die faktore in die groter omgewing en hul leer deur waarneming van die demografiese eienskappe van beroepe en die hindernisse en uitkomst wat deur ander in daardie beroepe ervaar word. Hul geslag, ras en sosio-ekonomiese omstandighede beïnvloed hul siening van voorspelde hindernisse, sowel as bekwaamheids- en uitkomsteverwagtinge deurdat hierdie faktore 'n rol speel in hoeveel blootstelling en leerervaringe die individu kry. Beroepsbelangstellings en -doelwitte word sodoende geaffekteer. Volgens sosiaal-kognitiewe beroepsteorie mag hierdie verskysel tot geslags-getipeerde beroepsbesluite aanleiding gee. 'n Kwalitatiewe ontleding van baie van die deelnemers aan die huidige ondersoek se gegewens toon dan ook dat hul beroepsbelangstellings en verklaarde beroepskeuses nie ooreenstem nie. Dit kan moontlik deur die fenomeen van triadiese wederkerigheid verduidelik word.

Die teorie van “circumscription and compromise” se siening dat die sosiale self uiteindelik beroepsontwikkeling en –verwagtinge beïnvloed, sluit ook hierby aan. Kognisies rakende die self en die omgewing, insluitende beroepe, ontwikkel reeds van jongs af. Self-konsepte word op grond van hierdie kognisies gevorm en beïnvloed beroepsverwagtinge en –ontwikkeling. Dit is belangrik om in ag te neem dat verskillende persoonlike veranderlikes soos geslag, ras en sosio-ekonomiese omstandighede verskillende response vanuit die omgewing kan ontlok. Vroue mag byvoorbeeld in een omgewing vir ‘n sekere gedrag beloon word, maar mans nie (Betz & Hackett, 1981). Watson en Stead (1999) noem dat die dinamiese interaksie tussen faktore soos geskiedenis, opvoeding, familie, beroepsaspirasies, die ekonomie, kultuur en identiteitsontwikkeling verstaan moet word wanneer beroepsintervensies beplan word. Dit blyk egter uit die huidige ondersoek se bevindinge asof dit minder pertinent raak en asof die deelnemers hoër aspireer as wat hul sosio-ekonomiese omstandighede sou dikteer en ook meer geredelik op byvoorbeeld die geslagsrol kompromieer as wat tradisioneel verwag word. Die deelnemers is in die ontwikkelingsstadium van oriëntasie tot die interne unieke self wat sou voorskryf dat hulle meer insig toon in faktore soos geslagsrolle, sosiale status, belangstellings en vermoëns en dat die proses van kompromie tussen beroepsaspirasie en eksterne realiteite nou begin.

6. BEPERKINGS VAN DIE ONDERSOEK

Die resultate van die huidige ondersoek moet oorweeg word in die lig van sekere beperkings. Die ondersoek is uitgevoer op bruin graad nege leerders in ‘n spesifieke, afgebakende geografiese streek, wat die ondersoekgroep meer homogeen gemaak het as wat andersins die geval sou wees. Die veralgemeenbaarheid van die resultate na byvoorbeeld stedelike gebiede en ander ouderdoms- en rasse-groepe is dus beperk.

As gevolg van die groot aantal deelnemers wat bereik moes word, is die huidige ondersoek beperk tot ‘n verkorte formaat van die MB 10. Die deelnemers moes, in plaas daarvan om al 360 items van die MB 10 te oorweeg, slegs die 10 belangstellingsvelde met mekaar vergelyk en dan van hoogste tot laagste voorkeur rangorden. Geen in-diepte toetsing is dus gedoen nie, wat moontlik ‘n negatiewe uitwerking op die betroubaarheid en geldigheid van die resultate kon hê.

Die huidige ondersoek het in groepsverband in plaas van op individuele basis plaasgevind. Die resultate sou moontlik meer betroubaar en geldig gewees het indien die informasie op individuele basis ingewin is.

Geen inferensiële statistiese ontledings is in die huidige ondersoek gebruik om die verband tussen die deelnemers se verklaarde beroepskeuses en hul ouers se beroepe te ondersoek nie. Dit plaas gevolglik beperkinge op die gevolgtrekkings wat gemaak kan word oor die relatiewe belangrikheid van ouers se beroepsrolmodelle op die deelnemers se verklaarde beroepskeuses.

Hickson en White (1988) het in Suid-Afrikaanse navorsing bevind dat swart adolessente se selfkennis beduidend laer was as dié van wit adolessente. Ook Watson et al. (aangehaal in Watson & Stead, 1999) het bevind dat die meerderheid swart adolossente (62%) nie oor 'n aanvaarbare vlak van selfkennis beskik nie. Volgens Watson en Stead (1996) kan dit deels toegeskryf word aan die beperkte beskikbaarheid van rolmodelle en gebrekkige beroepsopvoeding. Dit is reeds aangedui dat faktore soos gebrekkige selfkennis en ander nie-sielkundige faktore beperkend kan inwerk op die realisme van beroepsbelangstelling en verklaarde beroepskeuse (Beneke, 1994; Laing, Swaney & Prediger, 1984; Wium, 2001). Die huidige navorsingsresultate moet dus met omsigtigheid hanteer word.

7. AANBEVELINGS

Toekomstige ondersoeke sou moontlik meer meetinstrumente soos onderwys-verslae, akademiese verslae en 'n aanduiding van die ouers se opvoedkundige en sosio-ekonomiese status kon insluit. 'n Eksperimentele ontwerp wat wel inferensiële statistiese ontledings insluit, mag dalk bydra tot beter begrip van die belangrikheid van ouers se beroepsrolmodelle in die deelnemers se keuses van beroep.

Thom et al. (1998) waarsku dat jong adolessente se kennis en begrip van 'n beroep dikwels nog onvolledig is en dat hul belangstellings, behoeftes en vermoëns nog besig is om te ontplooi en onderhewig is aan verandering. Dit is dus belangrik dat goeie voorligting, leiding en blootstelling tydens hierdie ontwikkelingsfase verskaf word. Akhurst en Mkhize (1999), Maesela (1994), Mathabe en Temane (1993), asook Watson et al. (1997), beklemtoon dat baie min adolessente uit histories benadeelde gemeenskappe ooit georganiseerde beroepsvoorligting ontvang het en dat

informatie rakende beroepe, toelatingsvereistes en selfkennis ontoereikend is. 'n Studie deur Chuenyane (1983) het aangetoon dat omtrent 90% van die swart sekondêre skoolpopulasie in Suid-Afrika ernstige beroepsbeplanningsprobleme ondervind het. Onvoldoende beroepsonderrig in skole, tesame met die negatiewe impak van die apartheidsbeleid, het volgens Watson en Stead (aangehaal in Akhurst et al., 1999), asook Nicholas et al., (1999) daartoe aanleiding gegee dat baie jong Suid-Afrikaners nie die nodige vaardighede en kennis het om 'n realistiese en gepaste beroepskeuse te maak nie. Fitzgerald en Betz (1983) en Isaacson en Brown (1999) haal verskeie navorsers aan wat erkenning gee daaraan dat diskriminasie en ongelyke toegang tot opvoedkundige geleenthede 'n destruktiewe en beperkende rol in die beroepsontwikkelingsproses speel. Die huidige navorsers voer verder aan dat hierdie standpunt ook op diskriminasie op grond van geslag van toepassing gemaak kan word.

Beroepsvoorligtingskurrikula en –programme in Suid-Afrika moet ingelig word deur relevante navorsingsresultate, en dergelike programme moet by alle skole geïmplimenteer word. Belangrike kontekstuele faktore spesifiek aan beroepsontwikkeling in die SA-konteks sluit volgens Stead (1996) politiek, ekonomie, opvoeding, kultuur en familiale faktore in. Trusty et al. (2000) is ook van mening dat sosiale, sosio-ekonomiese en geslagsrolsosialisering in die ontwerp van alle intervensies in gedagte gehou moet word. In Suid-Afrika word die vroulike geslag se toegang tot die beroepswêreld nou konstitusioneel gewaarborg en dit hou op die lange duur die moontlikheid in dat dit geslagsrolsosialisering kan beïnvloed. Volgens Wium (2001) laat dit die moontlikheid toe dat verskille in belangstelling tussen geslagte verder kan verklein. Die beroepsoriëntasie van vroue wêreldwyd het reeds betekenisvol verander. Dit is dus belangrik vir beroepsteoretici om van die rol van geslag in beroepsontwikkeling bewus te bly.

Sharf (1997) noem dat individue uit kulture wat negatief gestereotipeer is dit moeilik mag vind om te glo dat hulle akademiese of beroepsukses kan behaal. Sosiaal-kognitiewe teorie stipuleer dat beroepsbelangstellings en -keuses in 'n groot mate afhang van bekwaamheidsverwagtinge. Volgens Bandura (aangehaal in Betz & Schifano, 2000; De Bruin, 1999) is die mees kragtige bron van bekwaamheidsverwagtinge direkte leerervaringe en persoonlike prestasies. De Bruin (1999) wys daarop dat adolessente uit histories benadeelde gemeenskappe dalk mag vrees dat hulle nie genoegsaam voorberei is vir die uitdagings wat deur tersiêre studies aan hulle gestel sal word nie. Individue moet dus toegang hê tot bronne en ervaringe wat hierdie verwagtinge kan versterk. Verskeie skrywers, waaronder Akhurst en Mkhize (1999), Kinnear (1996), Mathabe en Temane

(1993), Meyer (1993) en Stead en Watson (1999a), beklemtoon ook die belangrikheid van die uitbreiding van beroepsvoorligting na alle gemeenskappe in Suid-Afrika om sodoende 'n effektiewe bydrae te lewer tot die ontwikkeling van gemeenskappe en die benutting van die land se mannekragpotensiaal. Volgens Sharf (1997) is dit dus belangrik dat stereotipes ter ruste gelê moet word en 'n aanbeveling is dus dat meisies en bruin adolessente aan ervarings en informasie blootgestel word wat tot verhoogde bekwaamheidsverwagtinge aanleiding kan gee. Gottfredson se teorie maak dit ook duidelik dat beroepseksplorاسie moet plaasvind onbeperk deur geslagsrol- en ander tipes stereotipering.

Maesela (1994) is van mening dat beroepsrigtings soos onderwys, verpleging, sosiale werk en kantoorwerk die tradisionele beroepskeuses van swart individue in Suid-Afrika is. In die huidige ondersoek het artistiese en sportberoepe ook sterk gefigureer. Sulke aspirasies blyk onvanpas te wees in 'n land waar die arbeidsmark 'n toenemende tekort aan wetenskaplike en tegnologies-opgeleide mannekrag het, asook in middelvlak en geskoolde werkers (Ofir, aangehaal in Watson et al., 1997; Kinnear, 1996; Beneke, 1996; Watson et al., 1997). Ofir (aangehaal in Watson et al., 1997) maak 'n oproep vir 'n nasionale poging om adolessente en beleidsmakers se aandag op tegnologie en tegniese beroepe te vestig. Stead (1996) verwys na oproepe deur werkgewers en ekonome dat meer mense Ondernemende tipe beroepe moet oorweeg beide in die formele en informele sektore. Hierdie tendense moet dan ook in beroepsvoorligtingkurrikula vervat word.

Wat rolmodelle betref, wys Hackett en Byars (1996) daarop dat leer deur middel van rolmodelle meer effektief is wanneer rolmodelle vanuit dieselfde agtergrond as die waarnemers kom. Die mees effektiewe rolmodelle vir histories-benadeelde adolessente en meisies sal dus individue wees wat, ten spyte van hul onderdrukking, steeds daarin geslaag het om akademiese prestasies en kwalifikasies of beroepssukses te behaal. Sulke persone moet dus in beroepsvoorligtings-programme gebruik word. Studies gedoen deur onder andere De Haas en Haffajee (aangehaal in Akhurst & Mkhize, 1999) toon aan dat kinders hul beroepsbeplanning met hul ouers bespreek en deur hul ouers se opinies en rolmodelle beïnvloed word. Programme moet dus ook daarop fokus om ouers betrokke te kry. Die huidige ondersoek se bevindinge ondersteun ook hierdie verskynsel.

Beroepsvoorligtingsprogramme wat relevante, onlangse informasie oor beroepe en geleenthede, studierigtings en beurse, sowel as die ontleding van selfkennis en bekwaamhede vervat, moet in alle Suid-Afrikaanse skole geïmplementeer word. Volgens Super (aangehaal in Isaacson & Brown,

1997) en Langley (1999) kan ontwikkeling deur die lewenstadia gedeeltelik gerig word deur die bevordering van vermoëns en belangstellings, asook deur die ontwikkeling van self-konsepte. Die rol van die skool en sy voorligtingsprogram in die ontwikkeling van die leerder tot sy/haar maksimum potensiaal word dus beklemtoon. Die resultate van die huidige ondersoek kan 'n bydrae maak tot die ontwerp van beroepsvoorligtingsprogramme en -kurrikula deurdat die bevindinge van die ondersoek kan bydra tot die kennisbasis rondom die verskynsel van die invloed van geslagsrolstereotipes en ouerlike en gemeenskapsrolmodelle op adolossente se beroepsbelangstellings en verklaarde beroepskeuses.

Opsommend kan gesê word dat die huidige studie aantoon dat geslagsrolstereotipering en sosio-kulturele faktore 'n rol speel in bruin adolessente seuns en meisies se beroepsontwikkeling en -belangstelling. Dit behoort gesien te word as 'n aanduiding daarvan dat al diesulkes wat betrokke is by die beroepsontwikkeling van adolessente dit hul plig moet maak om adolessente aan te moedig om wyer te eksplorieer as tradisionele geslagsrolstereotipes en ouerlike en gemeenskapsrolmodelle. Dit is dan ook spesifiek pertinent in die huidige ondersoekgroep se geval, waar die vorige regering se apartheidsbeleid en geforseerde verwyderings en hervestigings 'n groot sosio-kulturele en sosio-ekonomiese impak op die bruin gemeenskap van die Kaapse Weskus gehad en nog steeds het.

VERWYSINGSLYS

- Akhurst, J., & Mkhize, N.J. (1999). Career education in South Africa. In G.B. Stead, & M.B. Watson (Eds.), *Career psychology in the South African context* (pp. 163-179). Pretoria: J.L. van Schaik Publishers.
- Akhurst, J., Jassat, M., & Adendorff, C. (1999). Career information: sources, services and classification. In G.B. Stead & M.B. Watson (Eds.), *Career psychology in the South African context* (pp.180-196). Pretoria: J.L. van Schaik Publishers.
- Albert, K.A., & Luzzo, D.A. (1999). The role of perceived barriers in career development: A social cognitive perspective. *Journal of Counselling and Development*, 77, 431-436.
- Andrag, G.K. (1992). *Die invloed van geslagsrolhoudings en selfbeeld op die loopbaanoriëntasie van 'n groep standerd nege-meisies*. Ongepubliseerde meesterstesis, Universiteit van Stellenbosch.
- Armstrong, P.I., & Crombie, G. (2000). Compromises in adolescents' occupational aspirations and expectations from grades 8 to 10. *Journal of Vocational Behaviour*, 56, 82-98.
- Astin, H.S. (1985). The meaning of work in women's lives: A socio-psychological model of career choice and work behaviour. *Journal of Counselling Psychology*, 12(4), 117 – 126.
- Baron, R.A., & Byrne, D. (1997). *Social Psychology*. Eighth edition. Needham Heights Massachusetts: Allyn and Bacon.

- Beneke, J.O. (1994). *Die verwantskap tussen sekere aanlegte en persoonlikheidseienskappe en die realisme van beroepskeuse*. Ongepubliseerde doktorsale proefskrif, Universiteit van Stellenbosch.
- Betsworth, D.G., & Fouad, N.A. (1997). Vocational interests: A look at the past 70 years and a glance at the future. *The Career Development Quarterly*, 46(1), 23-47.
- Betz, N.E., & Fitzgerald, L.F. (1987). *The career psychology of women*. Orlando, FL: Academic Press.
- Betz, N.E., & Hackett, G. (1981). The relationship of career-related self-efficacy expectations to perceived career options in college women and men. *Journal of Counseling Psychology*, 28, 399-410.
- Betz, N.E., & Schifano, R.S. (2000). Evaluation of an Intervention to increase realistic self-efficacy and interests in college women. *Journal of Vocational Behavior*, 56, 35-52.
- Beytell, F.G. (1984). *Die stabiliteit en geldigheid van Kodus belangstellingspatrone van Afrikaanssprekende plattelandse leerlinge*. Ongepubliseerde meesterstesis, Universiteit van Stellenbosch.
- Bimrose, J (2001) Girls and women: Challenges for careers guidance practice. *British Journal of Guidance & Counselling*, 29(1), 79 – 94.
- Blanchard, C.A., & Lichtenberg, J.W. (2003). Compromise in career decision making: A test of Gottfredson's theory. *Journal of Vocational Behavior*, 62, 250-271.
- Botha, M. (1996). *Beroepsidentiteitsontwikkeling by Xhosasprekende adolessente*. Ongepubliseerde meesterstesis, Universiteit van Stellenbosch.

- Botha A., Van Ede, D.M., Louw, A.E., Louw, D.A., & Ferns, I. (1998). Die kleutertydperk. In Louw, A.E., Van Ede, D.M., & Louw, D.A., *Menslike ontwikkeling* (pp. 237-322). Kaapstad: Kagiso Tersiër.
- Brand, H.J., Van Noordwyk, J.S.J., & Hanekom, J.D.M. (1994). Die toepassing van die Self-Directed Search op 'n groep swart adolessente. *South African Journal of Psychology*, 24, 47-52.
- Brooks, E.M. (1982). *Loopbaan- en studierigtings in Suid-Afrika*. Goodwood: Nasau.
- Brown, D., & Associates (2002). *Career Choice and development*. Fourth edition. SF, CA: Jossey-Bass.
- Brown, D., Brooks, L. & Associates (1996). *Career choice and development*. SF, CA: Jossey-Bass.
- Brown, S.D., & Lent, R.W. (1996). A social-cognitive framework for career choice counseling. *The Career Development Quarterly*, 44, 354-366.
- Budlender, D. (1994). Gender in the workplace. In *Vocational guidance: contributing to reconstruction and development* (pp. 28-30). First national SAVGEA conference, July 1994. Marshalltown: Technoprint.
- Burkhardt, I.K-E. (2002). Fears in a selected group of middle childhood South African children: A cross-cultural study. Unpublished masters thesis, University of Stellenbosch.
- Chuenyane, Z.M. (1983). Career guidance needs assessment of black secondary school students in the Transvaal province of the Republic of South Africa. *International Journal for the Advancement of Counseling*, 6, 271-280.

- Davey, F.H., & Stoppard, J.M. (1993). Some factors affecting the occupational expectations of female adolescents. *Journal of Vocational Behaviour*, 43, 235-250.
- De Bruin G.P. (1999). Social cognitive career theory as an explanatory model for career counselling in South Africa. In G.B. Stead & M.B. Watson (Eds.), *Career psychology in the South African context* (pp. 91-102). Pretoria: J.L. van Schaik Publishers.
- De Bruin, G.P., & Nel, Z.J. (1996). 'n Geïntegreerde oorsig van empiriese navorsing oor loopbaanvoorligting in Suid-Afrika, 1980 – 1990. *South African Journal of Psychology*, 26(1), 248-252.
- Eccles, J. S. (1994). Understanding women's educational and occupational choices. *Psychology of Women Quarterly*, 18, 585-609.
- Farenga, S.J., & Joyce, B.A. (1999). Intentions of young students to enroll in science courses in the future: An examination of gender differences. *Science Education*, 83, 55-75.
- Felsman, D.E., & Blustein, D.L. (1999). The role of peer relatedness in late adolescent career development. *Journal of Vocational Behavior*, 54, 279-295.
- Ferry T.R., Fouad, N.A., & Smith, P.L. (2000). The role of family context in a social cognitive model for career-related choice behavior: A Math and Science perspective. *Journal of Vocational Behavior*, 57, 348-364.
- Fitzgerald, L.F., & Betz, N.E. (1983). Issues in the career psychology of women. In W.B. Walsh & S.H. Osipow (Eds.), *Handbook of vocational psychology, Vol. I*. Hillsdale, NJ: Erlbaum.
- Gasser, M.B., Oliver, J.A., & Tan, R.N. (1998). The influence of age and type of job on

gender differences in pay expectations. *The Career Development Quarterly*, 47(1), 36-47.

George, D., & Mallery, P. (1999). *SPSS for Windows, step by step: A simple guide and reference*. Boston, MA: Allyn & Bacon.

Gerdes, L.C., Louw, A.E., van Ede, D.M., & Louw, D.A. (1998). Vroeë- en middelvolwassenheid. In Louw, A.E., van Ede, D.M., & Louw, D.A., *Menslike ontwikkeling* (pp. 477-593). Kaapstad: Kagiso Tersiër.

Gordon, L. (1999). *Career indecision amongst prospective university students*. Unpublished masters thesis, University of Stellenbosch.

Gottfredson, L.S. (1981). Circumscription and compromise: A developmental theory of occupational aspirations. *Journal of Counseling Psychology*, 28, 545-579.

Gottfredson, L.S. (2002). Gottfredson's theory of circumscription, compromise, and self-creation. In Brown, D., & Associates. *Career choice and development*. Fourth edition. SF, CA: Jossey-Bass.

Hackett, G., & Byars, A.M. (1996). Social cognitive theory and the career development of African American women. *The Career Development Quarterly*, 44, 322-340.

Hattingh, S.G. (1982). *Die verband tussen die geslagsrolhouding en die beroepsideale van vroue*. Ongepubliseerde meesterstesis, Universiteit van Stellenbosch.

Havenga, N.H. (1988). *Beroepsverwagtinge van 'n groep Afrikaanssprekende standerd 10 meisies*. Ongepubliseerde M.ed..tesis, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

- Hickson, J., Christie, G., & Shmukler, D. (1990). A pilot study of the world view of black and white South African adolescent pupils: Implications for cross-cultural counselling. *South African Journal of Psychology*, 20(1), 170-177.
- Hickson, J., & White, E. (1988). Career maturity development in black South African adolescents: Implications for vocational counselling. *South African Journal of Education*, 9(11), 77-81.
- Isaacson, L.E., & Brown, D. (1997). *Career information, career counselling, and career development*. Sixth edition. Boston, MA: Allyn and Bacon.
- Jacobs, C.D., van Jaarsveld, N.H., & von Mollendorff, J.W. (1991). *Beroepsvoorligting vir die hoër- en laerskool*. Pretoria: Konsensus Uitgewers.
- Jacobwitz, T. (1983). Relationship of sex, achievement, and science self-concept to the science career preferences of black students. *Journal of Research in Science Teaching*, 20(7), 621-628.
- Johnson, S. (2003). *Career Development Theory*. Onttrek 20 Oktober 2003 van die "World Wide Web":
- Kinncar, A.F. (1996). Die verwantskap tussen belangstelling en waardes by 'n groep swart hoërskoolleerlinge. Ongepubliseerde meesterstesis, Universiteit van Stellenbosch.
- Kulik, L. (2000). Gender identity, sex typing of occupations, and gender role ideology among adolescents: Are they related? *International Journal for the Advancement of Counselling*, 22(1), 43-56.
- Kulik, L. (2002). The impact of social background on gender-role ideology. *Journal of Family Issues*, 23(1), 53-73.

- Laing, J., Swaney, K., & Prediger, D.J. (1984). Integrating vocational interest inventory results and expressed choices. *Journal of Vocational Behaviour*, 25, 304-315.
- Langley, R. (1999). Super's theory. In G.B. Stead & M.B. Watson (Eds.), *Career psychology in the South African context* (pp. 47-66). Pretoria: J.L. van Schaik Publishers.
- Lent, R.W., Brown, S.D., & Hackett, G. (2002). Social cognitive career theory. In Brown, D., & Associates. *Career Choice and development*. Fourth edition. SF, CA: Jossey-Bass.
- Lightbody, P., & Durndell, A. (1996). The masculine image of occupations in science and technology: fact or fantasy? *British Journal of Educational Psychology*, 66, 231-246.
- Loxton, H. (2003). Ongepubliseerde manuskrip.
- Lupaschuk, D & Yewchuk, C. (1998). Student perceptions of gender roles: Implications for counselors. *International Journal for the Advancement of Counselling*, 20(4), 301-318.
- Luzzo, D.A., & McWhirter, E.H. (2001). Sex and ethnic differences in the perception of educational and career related barriers and levels of coping efficacy. *Journal of Counselling and Development*, 79. 61-79.
- Maesela, J.P. (1994). *A study of black matric pupils who make traditional career choices versus non-traditional career choices with regard to personality traits, vocational needs and family background*. Unpublished masters thesis, University of Stellenbosch.

- Mathabe, N.R., & Temane, M.Q. (1993). The realities and imperatives of career counselling for a developing South Africa. *Journal of Counselling and Development, 20*(1), 25-32.
- Mau, W.C., & Bikos, L.H. (2000). Educational and vocational aspirations of minority and female students: A longitudinal study. *Journal of Counselling and Development, 78*, 186-194.
- Meldahl, J.M., & Muchinsky, P.M. (1997). The neurotic dimension of vocational indecision: Gender comparability? *Journal of Career Assessment, 5*, 317-331.
- Meyer, J.C. (1980). *Die ontwikkeling, standaardisering en validering van die Kodus Belangstellingsvraelys*. Ongepubliseerde doktorsale proefskrif, Universiteit van Stellenbosch.
- Meyer, J.C. (1993). *Handleiding vir die Meyer Belangstellingsvraelys*. Departement Sielkunde: Universiteit van Stellenbosch.
- Meyer, J.C. (1998). The development and standardization of a new interest questionnaire. *South African Journal of Psychology, 28*, 36-40.
- Meyer, J.C. (2003). *Handleiding vir die Meyer-Belangstellingsvraelys (MB-10) en gestruktureerde beroepsvoorligting*. Departement Sielkunde, Universiteit Stellenbosch.
- Mkhize, N.J., & Frizelle, K. (2000). Hermeneutic-dialogical approaches to career development: An exploration. *South African Journal of Psychology, 30*, 1-8.
- Moen, P., Erickson, M., & Dempster-McClair, D. (1997). Their mothers daughters? The intergenerational transmission of gender attitudes in a world of changing roles. *Journal of Marriage and the Family, 59*, 281-293.

- Mullis, R.L., Mullis, A.K., & Gerwels, D (1998). Stability of vocational interests among high school students. *ADOLESCENCE*, 33 (131), 699-797.
- Naicker, A. (1994). The psycho-social context of career counselling in South African schools. *South African Journal of Psychology*, 24, 27-34.
- Nel, Z.J. (1999). The career choice theory of John Holland. In G.B. Stead & M.B. Watson (Eds.), *Career psychology in the South African context* (pp. 47-66). Pretoria: J.L. van Schaik Publishers.
- Nel, Z.J., & Prinsloo, A. (1999). Career counselling skills. In G.B. Stead & M.B. Watson (Eds.), *Career psychology in the South African context* (pp. 105-122). Pretoria: J.L. van Schaik Publishers.
- Nicholas, L., Pretorius, T.B., & Naidoo, A.V. (1999). Historical perspective of career psychology in South Africa. In G.B. Stead, & M.B. Watson (Eds.), *Career Psychology in the South African context* (pp.1-12). Pretoria: J.L. van Schaik Publishers.
- Offir, Z.M. (1994). In *Vocational guidance: contributing to reconstruction and development* (pp. 28-30). First national SAVGEA conference, July 1994. Marshalltown: Technoprint.
- Osipow, S.H., & Fitzgerald, L.F. (1996). *Theories of career development*. (Fourth edition). Needham Heights, Massachusetts: Allyn and Bacon
- Owen, K., & Taljaard, J.J. (Eds.) (1988). *Handleiding vir die gebruik van sielkundige en skolastiese toetse van IPEN en NIPN*. Pretoria: Gutenberg Boekdrukkers (Edms) Bpk.

- Papalia, D.E., & Olds, S.W. (1995). *A child's world: Infancy through adolescence*. Sixth edition. Mc Graw-Hill, Inc.
- Perrone, K.M., Sedlacek, W.E., & Alexander, C.M. (2001). Gender and ethnic differences in career goal attainment. *Career Development Quarterly*, 50(2), 168-179.
- Pretorius, J., & Le Roux, J. (1998). Milieu deprivation and its implications for education in the Republic of South Africa. *ADOLESCENCE*, 33 (131), pp. 595-608.
- Roe, A. (1956). *The psychology of occupations*. New York: John Wiley and Sons.
- Schmitt-Rodermund, E., & Vondracek, F.W. (1999). Breadth of interests, exploration, and identity development in adolescence. *Journal of Vocational Behavior*, 55, 298-317.
- Shamai, S. (1996). Elementary school students' attitudes toward science and their course of studies in high school. *Adolescence*, 31(123), 677-689.
- Sharf, R.S. (1997). *Applying career development theory to counselling*. (Second edition). Pacific Grove, CA: Brooks/Cole Publishing Company
- Smit G.J. (1991). *Psigometrika*. Prtoria: HAUM.
- Smith, D.M.J. (1992). *Career development of first-year technikon students: A cross-cultural assessment*. Ongepubliseerde doktrale proefskrif, Universiteit van Port Elizabeth.
- Statistieke Suid-Afrika (03/2003). *Mannekrag oorsig*. Pretoria.
- Stead, G.B. (1988). Career decisional states and their correlates amongst white high

school pupils. Ongepubliseerde doktorske proefskrif, Universiteit van Port Elizabeth.

- Stead, G.B. (1996). Career Development of black South African adolescents: A developmental-contextual perspective. *Journal of Counselling and Development*, 74, 270-275.
- Stead, G.B., & Nqweni, Z.C. (1999). Introduction to career education and information technology. In G.B. Stead, & M.B. Watson (Eds.), *Career psychology in the South African context* pp. 161-1162). Pretoria: J.L. van Schaik Publishers.
- Stead, G.B., & Watson, M.B. (1998a). The appropriateness of Super's career theory among black South Africans. *South African Journal of Psychology*, 28, 40-43.
- Stead, G.B., & Watson, M.B. (1998b). Career research in South Africa: Challenges for the future. *Journal of Vocational Behavior*, 52, 289-299.
- Stead, G.B., & Watson, M.B. (1999). Career decision making and career indecision. In G.B. Stead, & M.B. Watson (Eds.), *Career psychology in the South African context* pp. 123-141). Pretoria: J.L. van Schaik Publishers.
- Steenkamp, H.C. (1992). *Die implikasies van 'n diskrepanse tussen aanleg en belangstelling by die uitoefening van 'n beroepskeuse deur senior sekondêre skoolleerlinge*. Ongepubliseerde meesterstesis, Universiteit van Suid-Afrika, Pta.
- Stevens, G., & Lockhat, R. (1997). 'Coca-Cola kids' – reflections on black adolescent identity development in post-apartheid South Africa. *South African Journal of Psychology*, 27(4), 250-255.
- Swanson, J.L., & Hansen, J. (1988). Stability of vocational interests over 4-year, 8-year, and 12-year intervals. *Journal of Vocational Behavior*, 33, 185-202.

- Thom, D.P., Louw, A.E., van Ede, D.M., & Ferns, I (1998). Adolessensie. In Louw, A.E, van Ede, D.M., & Louw, D.A., *Menslike ontwikkeling* (pp. 387-474). Kaapstad: Kagiso Tersiër.
- Thornton, A. (1989). Cohabitation and marriage in the 1980s. *Demography*, 25, 497-508.
- Timmey, M.A. (2000). *Faktore wat die keuse van Natuur- en Skeikunde as skoolvak beïnvloed*. Ongepubliseerde Meesterstesis, Universiteit van Stellenbosch.
- Timmey, M.A. (2001). *Factors influencing the choice of Physical Science and Mathematics as school subjects*. Sentrum vir Studentevoorriligting en –ontwikkeling: Universiteit van Stellenbosch.
- Trusty, J., Robinson, C.R., Plata, M., & Ng, K.M.(2000). Effects of gender, socioeconomic status, and early academic performance on postsecondary educational choice. *Journal of Counselling and Development*, 78, 463-472.
- Van Schalkwyk, B. H. (1975). *Die konstantheid van verklaarde beroepsbelangstelling*. Ongepubliseerde meesterstesis, Universiteit van Stellenbosch.
- Van Schoor, W.A. (1996). *Travelling the career highway: A logbook for career travellers*. Unisa Press: Pretoria.
- Vondracek, F.W., Lerner, R.M., & Schulenberg, J.E. (1986). *Career Development: A life-span development approach*. Hillside, NJ: Lawrence Erlbaum.
- Watson, M.B. (1984). *Career development of coloured high school pupils*. Ongepubliseerde doktorsale proefskrif, Universiteit van Port Elizabeth.

- Watson, M.B., & Stead, G.B. (1999a). Introduction to career theories. In G.B. Stead & M.B. Watson (Eds.), *Career psychology in the South African context* (pp. 13-14). Pretoria: J.L. van Schaik Publishers.
- Watson, M.B., & Stead, G.B. (1999b). Career theories: An overview. In G.B. Stead, & M.B. Watson (Eds.), *Career psychology in the South African context* (pp. 15-35). Pretoria: J.L. van Schaik Publishers.
- Watson, M.B., & Stead, G.B. (2002). Career psychology in South Africa: Moral perspectives on present and future directions. *South African Journal of Psychology*, 32(1), 26-31.
- Watson, M.B., Foxcroft, C.D., Horn, M.A., & Stead, G.B. (1997). Occupational aspirations of black South African adolescents. *Psychological Reports* 80, 627-635.
- Williams, B. (1994). International trends in the changing workplace. In *Vocational guidance: contributing to reconstruction and development* (pp. 28-30). First national SAVGEA conference, July 1994. Marshalltown: Technoprint.
- Wium, J. (2001). *'n Standaardiseringsondersoek na die MB-10 op graad sewe leerders in die Wes-Kaap provinsie*. Ongepubliseerde meesterstesis, Universiteit van Stellenbosch.
- Zeier, R.E. (1992). *'n Ondersoek na die rol wat waardes speel in die loopbaankeuse van 'n groep standerd tien-leerlinge volgens die waardeskaal*. Ongepubliseerde meesterstesis, Universiteit van Stellenbosch.
- Zunker, V.G. (1998). *Career Counselling: Applied concepts of life planning* (Fifth edition). Pacific Grove, CA: Brooks/Cole.

NAAM:SKOOL:

<input type="checkbox"/>	In	Werk met mense as individue/in klein groepies. Mense raadgee. Hulle help met probleme. Met hulle onderhoude voer. Sosiaal gesellig met hulle verkeer. <input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	Gr	Werk met mense in groepe, hulle toespreek, hulle leier wees, kursusse vir hulle aanbied. In die openbaar optree. <input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	B	Sake doen deur koop en verkoopsaktiwiteite. Sakeondernemings bestuur. Beleggings doen, wins maak. Jou eie besigheid bedryf. <input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	Nu	Werk met syfers. Berekeninge doen. Dinge uitwerk. Finansiële rekeningkunde en wiskunde doen en numeriese probleme oplos. <input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	L	Leeswerk en/of skryfwerk doen. <input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	A	Kunstenaar wees, skilder of beeldhouwerk doen, illustrasies doen en versierings maak. Vryhand teken. <input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	Pr	Handwerk en masjienwerk. Met handgereedskap werk. Masjiene versien, herstel, ontwerp, bestudeer. Voorwerpe maak. <input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	Sc	Fisies-wetenskaplike werk. Laboratoriumwerk. Eksperimente doen. <input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	Z	Werk met diere en aanverwante biologieswetenskaplike werk. <input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	P	Werk met plante. Plantkundige en tuinboukundige werk. <input type="checkbox"/>

OUERDOM: GRAAD:WISKUNDE ..GESLAG:

Werk/beroep van Vader
Moeder
Jouself (eendag)

NAME :SCHOOL:

<input type="checkbox"/>	In	Working with people as individuals/in small groups. To advise, counsel people. Assist them with problems. Conduct interviews with them. Mix socially with them. <input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	Gr	Working with people in groups as a public speaker or the leader of the group. To persuade them or conduct courses. <input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	B	Business. Buying and selling. Making a profit. Manage a business, making investments. Running your own business. <input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	Nu	Working with figures. Doing computations and calculations. Doing financial accountancy and mathematics and solving numerical problems. <input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	L	Reading and/or Writing. <input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	A	To be an artist, painter or sculptor, making illustrations and doing decorations. Free-hand drawing. <input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	Pr	Handcraft and machine-work. Working with handtools, maintenance, repair, design, study of machines. Making objects. <input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	Sc	Work of a physical scientific nature – laboratory work. Experiments. <input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	Z	Work with animals and related biological scientific work. <input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	P	Work with plants. Botanical and horticultural work. <input type="checkbox"/>

AGE: GRADE:MATHEMATICS ..GENDER:

Skoolprentasie (encircle) 1. Uitstekend 4 Gemiddeld
2. Baie goed 5 Swak
3. Goed 6 Baie swak

Matriekulasievrystelling is by baie instellings soos Universiteite en met sommige Technikon en Kollege kursusse, 'n vooreiste vir toelating.

WAT IS Matriekulasievrystelling?

Dit beteken dat jy:

- Drie vakke uit verskillende groepe op Hoër Graad moet hê; (3 for university)
- Jou ses vakke moet uit vier van die groepe kom. (2 for Technikon)

Die ses groepe is:

1. Amptelike tale
2. Wiskunde
3. Wetenskappe soos biologie en skeinat
4. Derde tale soos Frans of Duits
5. Sosiale wetenskappe soos aardrykskunde ekonomie of geskiedenis
6. Ander: Rekenkunde, Huishoudkunde, houtwerk.



MATIE

GEMEENSKAPSDIENS

SIKHONZA ULUNTU

COMMUNITY SERVICE

Militêre Akademie Posbus 1118
Saldanha Vredenburg
7395 7380

Tel: 022-7023168/9

Faks: 022-7144544

Wat wil JY eendag word?

BEROEPSKEUSE is een van die BELANGRIKSTE besluite wat jy ooit gaan maak



HOEKOM?

Jy gaan tussen 30 en 40 jaar van jou lewe in die beroep spandeer, en as die take wat jy moet verrig nie interessant en uitdagend is nie, gaan jy entoesiasme vir jou werk verloor.

Om 'n goeie besluit vir jouself te neem is twee elemente nodig:



SELFKENNIS –Weet wie jy is en waarvan jy hou



Jy moet weet wat die **BEROEP BEHEL**S

*Die beste rede om iets te doen is omdat jy **WIL***
Stellenbosch University <http://scholar.sun.ac.za>

Dit beteken dat wanneer jy 'n besluit neem oor 'n beroep, jy iets moet kies waarvan jy hou en wil doen.

MENSE SE BELANGSTELLINGS VERSKIL

Kyk gou na die volgende klompie vrae en begin dink waar jou belangstellings is.....

- ❖ Hou jy daarvan om jouself kreatief uit te druk deur taal of kuns?
- ❖ Interesseer koop en verkoop van produkte vir jou?
- ❖ Kan jy mense lei, motiveer en toesig hou oor hul werk?
 - ❖ Sal jy kantoorwerk geniet?
- ❖ Wil jy take verrig wat met syfers te doen het?
- ❖ Hou jy meer van natuurwetenskappe (bv chemie, wiskunde), mediesewetenskappe of sosialewetenskappe (bv. regte of ekonomie)
- ❖ Hou jy daarvan om met jou hande te werk?
 - ❖ Is jy lief vir die natuur, plante en diere?
- ❖ Hou jy van tegniese of rekenaar verwante werk?
- ❖ Wil jy mense oplei of leer, help of versorg?
- ❖ Wil jy mense en hul eiendom beskerm?

DRIE VOORWAARDES MOET IN AG GENEEM WORD WANNEER JY 'N BEROEP KIES:

Is dit wat jy wil doen **REALISTIES?**

Het jy die regte vakke, en is jou punte en prestasies goed genoeg?

Is dit wat jy wil doen **VERSTANDIG?**

Gaan jy werk kry en 'n bestaan kan maak?

Is wat jy wil doen **LOGIES?**

Pas die beroep by jou persoonlikheid? Is jy skaam, sosiaal, emosioneel, avontuurlustig, kalm, kreatief, 'n leier of 'n volgeling?

